

1 KRONIEKE

Inleiding 1 en 2 Kronieke

Die naam *Kronieke* is 'n weergawe van die Latynse naam *Chronica*, wat Luther gebruik het. Dit was aanvanklik een boek, en is deur die Septuagint in twee verdeel. In Hebreeus is die naam van die boek “Sake van die dae”, terwyl die boek in die Septuagint bekend staan as “Sake wat uitgelaat is”, klaarblyklik met verwysing na mense en gebeure wat nie in *Samuel* en *Konings* genoem word nie.

In die Hebreeuse kanon is *Kronieke* die laaste boek, wat daarop dui dat dit waarskynlik heel laaste in die kanon opgeneem is. Die Septuagint en Vulgaat het *Kronieke* egter by die boeke wat handel oor die verlede geplaas ná *Konings* en voor *Esra* en *Nehemia*. Dit is ook die volgorde in die Protestantse kanon. *Kronieke* vorm 'n eenheid met *Esra* en *Nehemia*, soos blyk uit die feit dat die laaste twee verse van *2 Kronieke* ooreenstem met die eerste twee verse van *Esra*.

Die skrywers van *Kronieke* is onbekend. Wat wel duidelik is, is dat hulle uit priesterlike kringe afkomstig was. Dit kan afgelei word uit die plek wat die tempel en gebeure daar rondom inneem en die klem op die rol van Leviëte en priesters. Wonderwerke vind byvoorbeeld meestal in of by die tempel plaas. Die boeke is ná die ballingskap geskryf, waarskynlik in die vierde eeu vC. Die eerste lesers sou priesters verbonde aan die tempel in Jerusalem wees.

Die bedoeling van *Kronieke* was onder andere om die geskiedenis van Israel en Juda te vertel, van die skepping tot die einde van die

Babiloniese ballingskap. Geslagsregisters word gebruik om die geskiedenis vanaf Adam tot koning Saul bondig saam te vat (1 Kron 1 — 9). Daarna volg die vertelling in prosa, waarin talle lyste (bv 1 Kron 11:26-47; 12:24-37), enkele dele in poësie (1 Kron 12:18; 16:8-36; 17:7-14), verskeie gebede (bv 1 Kron 17:16-27; 2 Kron 6:14-42) en kort spreuke (2 Kron 10:10; 20:1) voorkom. Daar is selektief gebruik gemaak van verskillende bronne, waaronder die Bybelboeke *Genesis* tot 2 *Konings*, sowel as buite-Bybelse bronne wat nie behoue gebly het nie.

Die skrywers van *Kronieke* het hoofsaaklik vier oogmerke gehad met die herskryf van die geskiedenis van Israel en Juda. In die eerste plek was dit bedoel om aansprake te legitimeer. Die groot vraag was: Wie is die ware volk van God? Was dit die groepe wat uit die ballingskap teruggekeer het, of was dit die armes wat in die land agtergebly het (2 Kon 25:12)? Die talle geslagsregisters en naamlyste verbind die nageslag van die ballinge met die uitverkore volk van God, wat teruggevoer kan word na Abraham. In die tweede plek dui die skrywers aan wat die identiteit is van hierdie volk van God. Rondom die tempel in Jerusalem en die erediens in die tempel moes die ware Israel 'n teokrasie wees. In die derde plek wou die skrywers die hoop op 'n gesalfde koning wat in Jerusalem sou regeer, lewend hou. Daarom word die sondes wat Dawid begaan het, alles verswyg, behalwe die een oortreding wat aanleiding gegee het tot die bou van die tempel (1 Kron 21 — 22). Wat die vorm van die erediens betref, word aan Dawid groter gesag toegeken as aan Moses (vgl 1 Kron 23:25-32). Ook Salomo word as 'n voortreflike koning voorgehou. Ten slotte wou die skrywers uit die geskiedenis toon dat die koning en volk se vertrouwe op God tot voorspoed en vrede lei, maar dat ongehoorsaamheid telkens op siekte, onrus of militêre nederlaag uitloop. Die individuele vergeldingsleer word deurgaans gehandhaaf.

1 en 2 Kronieke kan soos volg ingedeel word:

1 Kron 1 — 9 Geslagsregisters van Adam tot die begin van die koningskap in Israel

1 Kron 10 — 29 Koningskap van Saul (1 Kron 10) en Dawid (1 Kron 11 — 29)

2 Kron 1 — 9 Koningskap van Salomo en die bou van die tempel

2 Kron 10 — 36 Die skeuring van die ryk en die geskiedenis van die suidelike ryk, Juda, tot met die Babiloniese ballingskap in 2 Kron 36

1

Vanaf Adam tot Abraham

(Gen 10:2-10)

¹ **Adam, Set, Enos, ² Kenan, Mahalalel, Jered, ³ Henog, Metusalag, Lameg, ⁴ Noag, Sem, Gam en Jafet.

⁵ **Jafet se nageslag was

Gomer en Magog, Madai,^a Jawan,^b Tubal, Mesek en Tiras.

⁶ Gomer se nageslag was

Askenas, Difat^c en Togarma.

* **1:1-4** Gen 4:25 — 5:32; Luk 3:36-38

* **1:1** Gen 5:3-6

* **1:5-23** Gen 10:1-32

* **1:5-7** Gen 10:2-4

^a**1:5 Madai:** Kan ook verwys na Medië.

^b**1:5 Jawan:** Kan ook verwys na Ionië, oftewel Griekeland.

^c**1:6 Difat:** Talle Hebreuse mss, die •Septuagint en •Vulgaat lui: “Rifat,” soos in Gen 10:3. Waar name verder verskil van die 1983-vertaling, word die •bronteks gevolg.

⁷ Jawan se nageslag was Elisa, Tarsis, die Kittiers en Rodaners.

⁸ *Gam se nageslag was

Kus, Egipte, Put en Kanaän.

⁹ Kus se nageslag was

Seba, Gawila, Sabta, Rama en Sabteka.

Rama se nageslag was

Skeba en Dedan.

¹⁰ Kus was die pa van Nimrod. Hy was die een wat begin het om as maghebber^d op aarde op te tree.

¹¹ *Egipte was die voorvader van die Ludeërs, die Anammers, die Lehabeërs, die Naftugiete, ¹² en van die Patrosane en die Kaslugiete, uit wie die Filistyne voortgekom het, en van die Kaftorane.

¹³ Kanaän was die pa van Sidon, sy eersgeborene, en ook van Het, ¹⁴ en die voorvader^e van die Jebusiete, die Amoriëte, die Girgasiete, ¹⁵ die Hewiete, die Erekiëte, die Siniëte, ¹⁶ die Arwadters, die Semariërs en die Hamatiëte.

¹⁷ *Sem se nageslag was

Elam, Assur, Arpaksad, Lud, Aram, Us, Gul, Geter en Mesek.

¹⁸ Arpaksad het Selag verwek, en Selag het Heber verwek. ¹⁹ Vir Heber is twee seuns gebore. Die een se naam was Peleg,^f want in sy tyd het die aarde verdeeld geraak, en sy broer se naam was Joktan.

²⁰ Joktan het Almodad en Selef verwek, asook Gasarmawet, Jerag,

***1:8-10** Gen 10:6-8

^d**1:10 maghebber:** Word ook vertaal: “dapper kryger”.

***1:11-16** Gen 10:13-18

^e**1:14 die voorvader:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***1:17-23** Gen 10:22-29

^f**1:19 Peleg:** Die naam beteken ‘verdeling’.

²¹ Hadoram, Usal, Dikla, ²² Ebal, Abimael, Skeba, ²³ Ofir, Gawila en Jobab. Hulle almal was die nageslag van Joktan.

²⁴ *Sem, Arpaksad, Selag, ²⁵ Heber, Peleg, Reü, ²⁶ Serug, Nahor, Tera, ²⁷ Abram — dit is Abraham.

Abraham se nageslag

²⁸ ** Abraham se seuns was Isak en Ismael. ²⁹ Hier volg hulle familiegeskiedenis: Nebajot was die eersgeborene van Ismael, daarna Kedar, Adbeël en Mibsam, ³⁰ Misma, Duma, Massa, Gadad en Tema, ³¹ Jetur, Nafis en Kedma. Hierdie manne was die nageslag van Ismael.

³² *Die nageslag van Ketura, Abraham se byvrou: Sy het Simran in die wêreld gebring, ook Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag. Joksan se seuns was Skeba en Dedan, ³³ en Midian se seuns was Efa, Efer, Ganok, Abida en Eldaä. Hulle almal was die nageslag van Ketura.

³⁴ * Abraham het Isak verwek.

Isak se seuns was Esau en Israel.

³⁵ * Esau se seuns was

Elifas, Reüel, Jeüs, Jalam en Korag.

³⁶ Elifas se seuns was Teman, Omar, Sefi, Gatam, Kenas, Timna en Amalek.

³⁷ Reüel se seuns was Nagat, Serag, Samma en Missa.

³⁸ Seïr se seuns was Lotan, Sobal, Sibon, Ana, Dison, Eser en Disan.

³⁹ Lotan se seuns was Gori en Homam. Timna was Lotan se suster.

* **1:24-27** Gen 11:10-26; Luk 3:34-36

* **1:28-31** Gen 25:12-18

* **1:28** Gal 4:22-23; Heb 11:11

* **1:32-33** Gen 25:1-4

* **1:34** Matt 1:2; Luk 3:34

* **1:35-42** Gen 36:4-5,10-14,20-30

⁴⁰ Sobal se seuns was Aljan, Managat, Ebal, Sefi en Onam.

Sibon se seuns was Aja en Ana.

⁴¹ Ana se seun was Dison.

Dison se seuns was Gamran, Esban, Jitran en Keran.

⁴² Eser se seuns was Bilhan, Saäwan en Jaäkan.

Disan^g se seuns was Us en Aran.

Regeerders van Edom

⁴³ *Dit is die konings wat in die land Edom regeer het voordat 'n koning oor die Israeliete regeer het:

Bela was die seun van Beor, en sy dorp se naam was Dinhaba.

⁴⁴ Bela het gesterf, en Jobab het koning geword in sy plek. Jobab was die seun van Serag, uit Bosra.

⁴⁵ Ná Jobab se dood het Gusam, uit die gebied van die Temaniete, koning geword in sy plek.

⁴⁶ Ná Gusam se dood het Hadad, seun van Bedad, wat Midian in die gebied van Moab verslaan het, koning geword in sy plek. Sy dorp se naam was Awit.

⁴⁷ Ná Hadad se dood het Samla uit Masreka koning geword in sy plek.

⁴⁸ Ná Samla se dood het Saul uit Regobot-ha-Nahar^h koning geword in sy plek.

⁴⁹ Ná Saul se dood het Baäl-Ganan, seun van Akbor, koning geword in sy plek.

⁵⁰ Ná Baäl-Ganan se dood het Hadad koning geword in sy plek. Sy dorp

^g**1:42 Disan:** Die bronteks lui: “Dison”; vgl egter Gen 36:26 en 1 Kron 1:41.

* **1:43-54** Gen 36:31-43

^h**1:48 Regobot-ha-Nahar:** Dit beteken ‘Regobot-aan-die-Rivier’; die Rivier is die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

se naam was Pai, en sy vrou se naam was Mehetabel, dogter van Matred, dogter van Me-Sahab.

⁵¹ Hadad het gesterf.

Daarna was daar die volgende stamhoofde in Edom:

stamhoof Timna,

stamhoof Alja,

stamhoof Jetet,

⁵² stamhoof Oholibama,

stamhoof Ela,

stamhoof Pinon,

⁵³ stamhoof Kenas,

stamhoof Teman,

stamhoof Mibsar,

⁵⁴ stamhoof Magdiël,

stamhoof Iram.

Dit was die stamhoofde van Edom.

2

Nageslag van Israel en Juda

¹ **Dit was Israel se seuns:

Ruben, Simeon, Levi en Juda; Issaskar en Sebulon; ² Dan, Josef en Benjamin; Naftali, Gad en Aser.

³ *Juda se seuns was

Er, Onan en Sela; hierdie drie is vir hom gebore uit Bat-Sua, 'n Kanaänitiese vrou. Er, die eersgeborene van Juda, het hom sleg gedra in

*2:1-15 Matt 1:2-6; Luk 3:31-34

*2:1-2 Gen 29:32-35; 35:22-26; 46:8-25

*2:3-4 Gen 38:2-7,27-30

die oë van die HERE, en Hy het hom laat sterf. ⁴Tamar, sy skoondogter, het vir hom Peres en Serag in die wêreld gebring. Juda het altesaam vyf seuns gehad.

⁵*Peres se seuns was Gesron en Gamul;

⁶Serag se seuns was Simri, Etan, Heman, Kalkol en Dara — altesaam vyf.

⁷*Karmi se seun was Akar,ⁱ deur wie Israel in die ongeluk gestort is, omdat hy ontrou was met die bangoed.

⁸Etan se seun was Asarja.

⁹Die seuns wat vir Gesron gebore is, was Jeragmeël, Ram en Kaleb.^j

¹⁰*Ram het Amminadab verwek, en Amminadab het Nagson, die stamleier^k van die nageslag van Juda, verwek.

¹¹Nagson het Salma^l verwek, en Salma het Boas verwek.

¹²Boas het Obed verwek, en Obed het Isai verwek.

¹³*Isai het Eliab, sy eersgeborene, verwek, daarna Abinadab, die tweede, Simea,^m die derde,

***2:5** Gen 46:12

***2:7** Jos 7:1-26

ⁱ**2:7 Akar:** Volgens Jos 7 was sy naam Akan.

^j**2:9 Kaleb:** Die •bronteks lui: “Kelubai”; vgl egter 1 Kron 2:18.

***2:10-12** Rut 4:19-22; Matt 1:4-5

^k**2:10 stamleier:** In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^l**2:11 Salma:** Die •Septuagint lui: “Salmon”; vgl Rut 4:20 en 21.

***2:13-15** 1 Sam 16:6-12; 2 Sam 13:3,32

^m**2:13 Simea:** Die Septuagint en sommige vertalings lui: “Samma”. Die naam word op twee maniere weergegee: Samma (vgl 1 Sam 16:9) en Simea (vgl 2 Sam 13:3).

¹⁴ Netanel, die vierde,

Raddai, die vyfde,

¹⁵ Osem, die sesde,

Dawid, die sewende.

¹⁶ *Hulle susters was Seruja en Abigajil.

Seruja se seuns was Abisai, Joab en Asael, hulle drie.

¹⁷ Abigajil het aan Amasa geboorte gegee. Amasa se pa was Jeter, die Ismaeliet.

¹⁸ *Kaleb, seun van Gesron, het Jeriot verwek by Asuba, sy vrou.ⁿ Dit was haar seuns: Jeser, Sobab en Ardon. ¹⁹ Toe Asuba sterf, het Kaleb vir hom Efrata^o as vrou geneem, en sy het Gur vir hom in die wêreld gebring.

²⁰ Gur het Uri verwek,
en Uri het Besaleël* verwek.

²¹ Later het Gesron met die dogter van Makir, die pa van Gilead, omgang gehad.^p Hy het haar as vrou geneem toe hy sestig jaar oud was. Sy het vir hom Segub in die wêreld gebring.

²² Segub het Jaïr verwek. Hy het drie-en-twintig dorpe in die Gileadstreek besit. ²³ Gesur en Aram het egter Gawwoot-Jaïr^q van hulle afgeneem, asook Kenat en die omliggende dorpies — sestig dorpe. Hulle almal was die nageslag van Makir, die pa van Gilead.

***2:16-17** 2 Sam 17:25

***2:18-24** 1 Kron 2:42-50

ⁿ**2:18** het ... vrou: Die •Peshitta, •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui: “het Asuba 'n vrou en Jeriot verwek”.

^o**2:19** Efrata: Die bronteks lui: “Efrat”; vgl egter 2 Kron 2:50.

***2:20** Besaleël: Eks 31:2; 35:30

^p**2:21** omgang gehad: Letterlik ‘ingegaan na’.

^q**2:23** Gawwoot-Jaïr: Die naam beteken ‘tentdorpe van Jaïr’.

²⁴ rNá Gesron se dood in Kaleb-Efrata het Abia, Gesron se vrou, vir hom Asgur, die stigter van^s Tekoa, in die wêreld gebring.

²⁵ Die seuns van Jeragmeël, Gesron se eersgeborene, was Ram, die eersgeborene, Buna, Oren en Osem by Agia.^t ²⁶ Jeragmeël het nog 'n ander vrou gehad; haar naam was Atara. Sy was die ma van Onam.

²⁷ Die seuns van Ram, Jeragmeël se eersgeborene, was Maäs, Jamin en Eker.

²⁸ Onam se seuns was Sammai en Jada.

Sammai se seuns was Nadab en Abisur.

²⁹ Die naam van Abisur se vrou was Abihajil. Sy het vir hom Agban en Molid in die wêreld gebring.

³⁰ Nadab se seuns was Seled en Appajim. Seled het kinderloos gesterf.

³¹ Appajim se nageslag was Jisi, en Jisi se nageslag was Sesan, en Sesan se nageslag was Aglai.

³² Jada se seuns was Agi, Sammai, Jeter en Jonatan. Jeter het kinderloos gesterf.

³³ Jonatan se seuns was Pelet en Sasa.

Dit was die nageslag van Jeragmeël.

³⁴ *Sesan het nie seuns gehad nie, maar wel dogters. Sesan het 'n Egiptiese slaaf met die naam Jarga gehad. ³⁵ Sesan het toe sy dogter vir sy slaaf Jarga as vrou gegee. Sy het Attai vir hom in die wêreld gebring.

^r2:24 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal.

^s2:24 stigter van: Kan ook vertaal word: “vader van”.

^t2:25 by Agia: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die Septuagint lui: “sy broer”. Sommige vertalings lui: “en Agia”.

*2:34-35 Num 27:7; 36:1-13

³⁶ Attai het Natan verwek,
Natan het Sabad verwek,
³⁷ Sabad het Eflal verwek,
Eflal het Obed verwek,
³⁸ Obed het Jehu verwek,
Jehu het Asarja verwek,
³⁹ Asarja het Geles verwek,
Geles het Elasa verwek,
⁴⁰ Elasa het Sismai verwek,
Sismai het Sallum verwek,
⁴¹ Sallum het Jekamja verwek,
Jekamja het Elisama verwek.

⁴² *Die nageslag van Kaleb, die broer van Jeragmeël, was Mesa,^u sy eersgeborene; hy was die stigter van Sif; die nageslag van Maresa; die pa van Hebron.^v

⁴³ Die nageslag van Hebron was Korag, Tappuag, Rekem en Sema.

⁴⁴ Sema het Ragam verwek, die pa van Jorkoam. Rekem het Sammai verwek. ⁴⁵ Sammai se seun was Maon, en Maon was die stigter van Bet-Sur.

⁴⁶ Efa, byvrou van Kaleb, het Garan, Mosa en Gases in die wêreld gebring. Garan het Gases verwek.

⁴⁷ Die nageslag van Jodai was Regem, Jotam, Gesan, Pelet, Efa en Saäf.

⁴⁸ Maäka, byvrou van Kaleb, het Seber en Tirgana in die wêreld

*2:42-50 1 Kron 2:18-24

^u2:42 Mesa: Die Septuagint lui: "Maresa".

^v2:42 Mesa ... Hebron: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

gebring. ⁴⁹ Sy het ook vir Saäf, die pa van Madmanna, en vir Sewa, die pa van Makbena en Giba, in die wêreld gebring. Kaleb se dogter was Aksa.

⁵⁰ *Dit was Kaleb se nageslag.

Die seuns van Gur, die eersgeborene van Efrata, was Sobal, die stigter van Kirjat-Jearim;

⁵¹ Salma, die stigter van Betlehem; Garef, die stigter van Bet-Gader.

⁵² Die nageslag van Sobal, die stigter van Kirjat-Jearim, was Haroë, die helfte van die Managatiëte, ⁵³ en die volgende familie-groepe van Kirjat-Jearim: die Jitreërs, die Puteërs, die Sumaners en die Misraners. Uit hulle het die Soraners en Estaolers voortgekom.

⁵⁴ Die nageslag van Salma was die Betlehemiëte, Netofaïëte, Atrot-Bet-Joabiëte, die helfte van die Managatiëte, die Soraïëte, ⁵⁵ en die volgende skrywerfamilies wat in Jabes gewoon het: die Tiratiëte, Semaïëte en die Sukaiëte. Hulle is die Keniëte wat van Gammat, die stigter van die Rekab-beweging,^w afkomstig is.

3

Nageslag van Dawid

¹ *Dit was Dawid se seuns wat in Hebron vir hom gebore is:

die eersgeborene was Amnon, by sy vrou Aginoam, uit Jisreël;

die tweede was Daniël, by Abigajil, uit Karmel;

² die derde, Absalom, was die seun van Maäka, die dogter van koning

*2:50 1 Kron 2:19; 4:4

^w2:55 stigter ... Rekab-beweging: Dit kan ook vertaal word: “vader van die huis van Rekab”; vgl Jer 35:2-19.

*3:1-4 2 Sam 3:2-5

Talmai van Gesur;^x

die vierde was Adonia, die seun van Gaggit;

³ die vyfde was Sefatja, by Abital;

en die sesde was Jitream, by sy vrou Eglā.

⁴ Ses seuns is vir hom in Hebron gebore, en hy het sewe jaar en ses maande lank daar as koning geheers. Hy het drie-en-dertig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. ⁵ *Hierdie seuns is vir hom in Jerusalem gebore:

Sima, Sobab, Natan en Salomo — vier by Batsua,^y die dogter van Ammiël —

⁶ dan ook Jibgar, Elisama, Elifelet, ⁷ Noga, Nefeg, Jafia, ⁸ Elisama, Eljada en Elifelet — nog nege.

⁹ Dit was al die seuns van Dawid, afgesien van seuns by byvroue. Tamar was hulle suster.

¹⁰ *Salomo se seun was Rehabeam;

Abia was sy seun;

dié se seun was Asa;

dié se seun was Josafat;

¹¹ dié se seun was Jehoram;^z

dié se seun was Ahasia;

dié se seun was Joas;

^x**3:2 Gesur:** 'n Klein Aramese staat oos van die •see van Galilea en die bloop van die Jordaan.

^{*}**3:5-8** 2 Sam 5:14-16; 1 Kron 14:4-7

^y**3:5 Batsua:** 'n Hebreuse ms, die •Septuagint en •Vulgaat lui: “Batseba”.

^{*}**3:10-19** Matt 1:7-13

^z**3:11 Jehoram:** Die name Jehoram en Joram kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

¹² dié se seun was Amasia;

dié se seun was Asarja;

dié se seun was Jotam;

¹³ dié se seun was Agas;

dié se seun was Hiskia;

dié se seun was Manasse;

¹⁴ dié se seun was Amon;

en dié se seun was Josia.

¹⁵ Josia se seuns was

Joganan, die eersgeborene,

Jojakim, die tweede,

Sedekia, die derde,

en Sallu, die vierde.

¹⁶ Jojakim se nageslag was

sy seun Jekonja,^a

en sy seun Sedekia.

¹⁷ ** Die seuns van Jekonja, die gevangene, was

sy seun, Sealtiël,

¹⁸ asook Malkiram, Pedaja, Senassar, Jekamja, Hosama, Nedabja.

¹⁹ Pedaja se seuns was Serubbabel^b en Simi.

Serubbabel se seuns was Mesullam en Gananja.

Selomit was hulle suster;

²⁰ dan ook Gasuba, Ohel, Berekja, Gasadja, Jusab-Gesed — vyf.

^a**3:16 Jekonja:** 'n Ander naam vir Jojagin.

^{*}**3:17-24** Vgl Jer 22:30

^{*}**3:17** 2 Kon 24:12; Matt 1:12; Luk 3:27

^b**3:19 Pedaja ... Serubbabel:** In Esra 3:2,8; 5:2; Neh 12:1; Hag 1:1 word Serubbabel, seun van Sealtiël genoem. Matt 1:12 volg vir sy geslagslys die •Septuagint in 1 Kron 3:19: Serubbabel, seun van Sealtiël.

²¹ Gananja se nageslag was Pelatja, Jesaja, die seuns van Refaja, die seuns van Arnan, die seuns van Obadja, die seuns van Sekanja.

²² Die nageslag van Sekanja was Semaja.

Die seuns van Semaja was Gattus, Jigal, Bariag, Nearja, Safat — vyf.

²³ Nearja se seuns was Eljoënai, Hiskia, Asrikam — drie.

²⁴ Eljoënai se seuns was Hodauja, Eljasib, Pelaja, Akkub, Joganan, Delaja, Anani — sewe.

4

Nageslag van Juda

(1 Kron 2)

¹ * Juda se seuns was

Peres, Gesron, Karmi, Gur en Sobal.

² Sobal se seun Reaja het Jagat verwek,

en Jagat het Agumai en Lahad verwek. Hulle is die familie-groepe van die Soraners.

³ Die volgende was die nageslag van^c die stigter van^d Etam:

Jisreël, Jisma en Jidbas. Hulle suster se naam was Selelponi.

⁴ Penuel was die stigter van Gedor, en Eser was die stigter van Gusa.

Hulle was die seuns van Gur, die eersgeborene van Efrata, die stigter van Betlehem.

⁵ Asgur, die stigter van Tekoa, het twee vrouens gehad, Gela en Naära.

⁶ Naära het vir hom Agussam, Gefer, Temni en Agastari in die wêreld gebring. Dit was Naära se seuns.

* **4:1** Num 26:19-22; 1 Kron 2:4-5,7,9,50

^c **4:3 nageslag van:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^d **4:3 stigter van:** Die woorde “stigter van” kan ook vertaal word: “vader van”.

⁷ Gela se seuns was Seret, Sogar en Etnan.

⁸ Kos het Anub verwek, Hassobeba, en die familiegroepe van Agargel, die seun van Harum.

⁹ Jabes is hoër geag as sy broers; sy ma het hom die naam Jabes gegee en gesê: “Dit is omdat ek hom met smart^e in die wêreld gebring het.” ¹⁰ Jabes het die God van Israel aangeroop: “As U my tog maar net sal seën, my grondgebied sal vergroot en as u hand by my sal wees! Weerhou onheil van my, sodat ek nie smart ervaar nie.” God het toe laat gebeur wat hy gevra het.

¹¹ Kelub, die broer van Suga, het Megir verwek. Hy was die pa van Eston. ¹² Eston het Bet-Rafa verwek, en Paseag en Teginna, die stigter van die dorp Nagas. Hulle is die mense van Reka.

¹³ Kenas se seuns was Otniël en Seraja, en die seuns van Otniël was Gatat ¹⁴ en Meonotai. Hy het Ofra verwek. Seraja het Joab verwek, die stigter van Vakmansdal, want hulle was vakmanne.

¹⁵ Kaleb, die seun van Jefunne, se seuns was Iru, Ela en Naäm. Ela se nageslag was Kenas.

¹⁶ Jehallelel se seuns was Sif, Sifa, Tireja en Asarel.

¹⁷ Die nageslag van Esra was Jeter, Mered, Efer en Jalon. Mered se vrou het swanger geword met^f Mirjam, daarna met Sammai en met Jisbag, die stigter van Estemoa. ¹⁸ Sy Judese vrou het Jered, die stigter van Gedor, Geber, die stigter van Soko, en Jekutiël, die stigter van Sanoag, in die wêreld gebring. Die ander was^g die

^e**4:9 met smart:** Daar is 'n woordspeling tussen die naam “Jabes” en die Hebreeuse woord vir ‘smart’.

^f**4:17 Mered ... met:** Die bronteks lui: “En sy het swanger geword”; vgl egter 1 Kron 4:18. Die •Septuagint lui: “En Jeter het die pa geword van ...”.

^g**4:18 Die ander was:** Die bronteks lui: “En hierdie was” maar dit verwys na die name genoem in 1 Kron 4:17.

seuns van Bitja, die dogter van die farao, met wie Mered getroud was.

¹⁹ Die seuns van Hodija se vrou, die suster van Nagam, was die pa van Keïla, uit Gerem, en Estemoa, uit Maäka.

²⁰ Simon se seuns was Amnon en Rinna, Ben-Ganan en Tilon. Jisi se nageslag was Soget en Ben-Soget.

²¹ Die nageslag van Sela, Juda, se kleinseun, was Er, die stigter van Leka; Lada, die stigter van Maresa, en die familie-groepe, die werkersgilde van fyn linne, van Bet-Asbea; ²² dan ook Jokim en die mense van Koseba, Joas en Saraf wat in Moab getrou het,^h maar na Betlehem teruggekeer het.ⁱ Hierdie oorlewerings is oud. ²³ Hulle was die pottebakkers en die inwoners van Netaïm en Gedera. In diens van die koning het hulle daar gewoon.

Nageslag van Simeon

²⁴ *Simeon se nageslag was Nemuel, Jamin, Jarib, Serag, Saul.

²⁵ Sallum was sy seun;
dié se seun was Mibsam;
dié se seun Misma.

²⁶ Misma se nageslag was sy seun Gammuel;
dié se seun Sakkur;
en dié se seun Simi.

²⁷ Simi het sestien seuns en ses dogters gehad, maar sy broers het nie baie kinders gehad nie. Wat al hulle familie-groepe betref, hulle het nie so vermeerder soos die nageslag van Juda nie. ²⁸ *Hulle het gewoon in

^h4:22 **getrou het:** Die bronteks kan ook vertaal word: “geheers het”.

ⁱ4:22 **maar ... teruggekeer het:** Die •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui: “en Jasubi-Legem”.

*4:24 Gen 46:10; Num 26:12-13

*4:28 Vgl Jos 15:26-31; 19:1-9

Berseba, Molada, Gasar-Sual,²⁹ ook in Bilha, Esem, Tolad,^{j 30} in Betuel, Gorma, Siklag,³¹ in Bet-Markabot, Gasar-Susim, Bet-Biri en Saärajim. Dit was hulle dorpe totdat Dawid koning geword het,³² ook die gehuggies daarvan. Etam, Ajin, Rimmon, Token en Asan, dié vyf dorpe³³ en al die gehuggies wat rondom hierdie dorpe was, tot by Baäl, dit was hulle woonplekke.

Hulle eie geslagsregister is:

³⁴ Mesobab, Jamlek, Josa, seun van Amasia;

³⁵ Joël, Jehu, seun van Josibja, seun van Seraja, seun van Asiël;

³⁶ Eljoënai, Jaäkoba, Jesogaja, Asaja, Adiël, Jesimiël, Benaja;

³⁷ Sisa, seun van Sifi, seun van Allon, seun van Jedaja, seun van Simri, seun van Semaja.

³⁸ Hierdie persone wat by name genoem word, was stamleiers^k in hulle familie-groepe. Hulle families het baie uitgebrei³⁹ en hulle het getrek na die ingang van Gedor, tot aan die oostekant van die vallei om weiveld vir hulle kleinvee te soek.⁴⁰ Hulle het geil en goeie weiveld gekry, en die gebied was wyd oop na albei kante, rustig en vreedsaam. Omdat dit van Gam se mense was wat voorheen daar gewoon het,⁴¹ het hierdie mense, wie se name opgeteken is, in die tyd van Hiskia, die koning van Juda, daar aangekom en die tente^l en die waterbronne^m wat daar te

^j4:29 Tolad: In Jos 5:30 en 19:4 is die naam 'Eltolad'.

^k4:38 stamleiers: In Hebreeus •*nasim*. Dit verwys dikwels na verkose leiers.

^l4:41 die tente: Dit was die tente van die mense van Gam.

^m4:41 die waterbronne: Hierdie lesing volg die •Peshitta. Die •Masoretiese leestradisie lui: "die Meüniete".

vinde was, verwoes. Die mense van Simeonⁿ het hulle met die banvloek^o getref tot vandag toe, en in hulle plek gaan woon, want daar was weiding vir hulle kleinvee. ⁴² Sommige van hulle, uit die nageslag van Simeon, het na Seirberg toe getrek — vyfhonderd man met Pelatja, Nearja, Refaja en Ussiël, die seuns van Jisi, aan die hoof daarvan. ⁴³ Hulle het die oorblyfsel van die Amalekiete wat ontkom het, verslaan en daar gaan woon, tot vandag toe.

5

Stamme oos van die Jordaan

¹ *Wat die nageslag van Ruben, * die eersgeborene van Israel betref — ja, hy was die eersgeborene, maar toe hy sy pa se slaapplek ontheilig het, * is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, seun van Israel, gegee en word hy nie volgens die eersgeboortereg in die geslagsregister opgeneem nie. ² * Alhoewel Juda sy broers se meerdere was en iemand as 'n leier^p uit hom aangewys is, het die eersgeboortereg aan Josef behoort. ³ * Die seuns van Ruben dan, Israel se eersgeborene, was Ganok en Pallu, Gesron en Karmi. ⁴ Joël se nageslag was sy seun Semaja, dié se

ⁿ**4:41 Die mense van Simeon:** Die bronteks lui: “Hulle”, maar dit verwys na die nageslag van Simeon.

^o**4:41 banvloek:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die •tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig.

***5:1-10** Num 26:5-7

***5:1 Ruben:** Gen 29:32; 49:3

***5:1 pa ... ontheilig het:** Vgl Gen 35:22

***5:2** Gen 49:8-10

^p**5:2 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

***5:3** Gen 46:9

seun Gog, dié se seun Simi, ⁵ dié se seun Miga, dié se seun Reaja, dié se seun Baäl ⁶* en dié se seun Beëra, vir wie Tiglat-Pileser, die koning van Assirië, in ballingskap weggevoer het. Beëra was 'n stamleier^q van die stam van Ruben. ⁷ Sy stamgenote was, volgens elkeen se familiegroep in die register van hulle familiegeskiedenis, Jeïel die hoof, Sagaria ⁸ en Bela, seun van Asas, seun van Sema, seun van Joël. Hulle het gewoon in Aroër en verder, tot by Nebo en Baäl-Meon. ⁹* Na die oostekant toe het hulle gewoon tot op die rand van die woestyn,^r in die rigting van die Eufraatrivier,^s want hulle vee het baie geword in die land Gilead. ¹⁰ In Saul se tyd het hulle oorlog gemaak teen die Hagareërs wat deur hulle hand gesneuwel het. Hulle het toe in hulle tente gaan woon in die hele gebied oos van Gilead.

¹¹* Die nageslag van Gad het aangrensend aan hulle gewoon in die land Basan, tot by Salka. ¹² Joël was die hoof, en Safam die tweede in rang; dan ook Janai, en Safat in Basan. ¹³ Hulle stamgenote, volgens hulle families, was Migael, Mesullam, Seba, Jorai, Jakan, Sia en Eber — sewe. ¹⁴ Hierdie manne was afstammeling van Abigajil,^t seun van Guri, seun van Jaroag, seun van Gilead, seun van Migael, seun van Jesisai, seun van Jagdo, seun van Bus. ¹⁵ Agi, seun van Abdiël, seun van Guni, was hoof van hulle familie. ¹⁶ Hulle het gewoon in Gilead, in Basan en die

***5:6** 2 Kon 15:19; 1 Kron 5:26; 2 Kron 28:20

^q**5:6 stamleier:** In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

***5:9** Jos 22:8-9

^r**5:9 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^s**5:9 Eufraatrivier:** In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

***5:11-17** Num 26:15-17

^t**5:14 Abigajil:** In Hebreeus word die naam nie dieselfde gespel as dié van Dawid se vrou nie; vgl bv 1 Sam 25:3.

omliggende dorpies, en ook nog in al die weivelde van Saron^u tot aan hulle grense. ¹⁷ Hulle almal is in die register opgeneem in die tyd van Jotam, die koning van Juda, en in die tyd van Jerobeam,^v die koning van Israel.

¹⁸ Wat die nageslag van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse betref — onder die weerbare manne wat 'n skild en swaard kon dra, 'n boog kon span en ervaring in oorlogvoering gehad het, was daar vier-en-veertigduisend sewehonderd-en-sestig man wat met die leer kon uittrek. ¹⁹ Hulle het oorlog gevoer teen die Hagareërs, teen Jetur, Nafis en Nodab.^w ²⁰ Hulle het hulp ontvang teen hierdie mense, en die Hagareërs en almal wat by hulle was, is in hulle hand gegee, omdat hulle in die geveg na God om hulp geroep het. Hy het hulle smeekbedes verhoor, omdat hulle op Hom vertrou het. ²¹ Van hulle vee het hulle vyftigduisend kamele weggevoer, tweehonderd-en-vyftigduisend stuks kleinvee en tweeduisend donkies, asook honderdduisend mense. ²² Ja, daar het baie gesneuweldes gelê, omdat die oorlog van God uitgegaan het. Hulle het toe in hulle plek gaan woon tot met die ballingskap.

²³ *Die nageslag van die halwe stam van Manasse het in die land gewoon, vanaf Basan tot by Baäl-Hermon, Senir en die berg Hermon. Hulle was baie. ²⁴ Die volgende was hulle familiehoofde: Efer, Jisi, Eliël, Asriël, Jeremia, Hodauja en Jagdiël. Die manne was dapper krygers, beroemde manne, hoofde van hulle families.

²⁵ Maar hierdie stamme^x was ontrou aan die God van hulle voorouers

^u**5:16 Saron:** 'n Gebied oos van die Jordaan.

^v**5:17 Jerobeam:** Jerobeam II; vgl 2 Kon 14:23.

^w**5:19 Jetur ... Nodab:** Ismaelitiese stamme; vgl Gen 25:15.

***5:23-24** Num 26:29-34

^x**5:25 hierdie stamme:** Die bronteks lui: “hulle”.

en het agter die gode van die volke van die land wat God voor hulle uitgeroei het, aan gehoereer.^y ²⁶ Toe het die God van Israel die gees van Pul, die koning van Assirië — dit is die gees van Tiglat-Pileser, die koning van Assirië — aangevuur, en hy het hulle in ballingskap weggevoer, dit is die mense van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse. Hy het hulle na Galag, Gabor, Hara en die rivier van Gosan geneem, tot vandag toe.

6

Nageslag van Levi

^{1 z*} Levi se seuns was Gerson,^a Kehat en Merari. ² Kehat se seuns was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël. ^{3 *} Amram se kinders was Aäron, Moses en Mirjam. Aäron se seuns was Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar.

^{4 **} Eleasar het Pinehas verwek;

Pinehas het Abisua verwek;

⁵ Abisua het Bukki verwek;

Bukki het Ussi verwek;

^{6 *} Ussi het Seragja verwek;

Seragja het Merajot verwek;

^y**5:25 agter ... gehoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

^z**6:1-81** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 1 Kron 5:27 — 6:66.

^{*}**6:1-4** Eks 6:16-25; Num 3:17-19

^a**6:1 Gerson:** Die naam is soms “Gersom”; vgl 1 Kron 6:16.

^{*}**6:3-8** Esra 7:1-5

^{*}**6:4-15** Esra 7:1-5

^{*}**6:4-8** 1 Kron 6:50-53

^{*}**6:6-10** 1 Kron 9:11

⁷ Merajot het Amarja verwek;

Amarja het Agitub verwek;

⁸ Agitub het Sadok verwek;

Sadok het Agimaäs verwek;

⁹ Agimaäs het Asarja verwek;

Asarja het Joganan verwek;

¹⁰ en Joganan het Asarja verwek — dit is hy wat priester was in die tempel wat Salomo in Jerusalem gebou het —

¹¹ Asarja het Amarja verwek;

Amarja het Agitub verwek;

¹² Agitub het Sadok verwek;

Sadok het Sallum verwek;

¹³ Sallum het Gilkija verwek;

Gilkija het Asarja verwek;

¹⁴ Asarja het Seraja verwek;

en Seraja het Josadak verwek.

¹⁵ Josadak het saamgegaan toe die Here Juda en Jerusalem deur die hand van Nebukadnesar in ballingskap laat wegvoer het.

¹⁶ *Levi se seuns was Gersom,^b Kehat en Merari,¹⁷ en dit is die name van Gersom se seuns: Libni en Simi. ¹⁸ Kehat se seuns was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël. ¹⁹ Merari se seuns was Magli en Musi.

Dit is die familie-groepe van die Leviete volgens hulle voorvaders:

²⁰ Wat Gersom betref, sy nageslag was sy seun Libni, dié se seun Jagat, dié se seun Simma,²¹ dié se seun Joag, dié se seun Iddo, dié se seun Serag, en dié se seun Jeatrai.

²² Kehat se nageslag was sy seun Amminadab, dié se seun Korag, dié se seun Assir,²³ dié se seun Elkana, dié se seun Ebjasaf, dié se seun Assir,

*6:16-18 Num 3:17-20; 1 Kron 6:1-2

^b6:16 Gersom: Vgl voetnoot in 1 Kron 6:1.

²⁴ dié se seun Tagat, dié se seun Uriël, dié se seun Ussia, en dié se seun Saul.

²⁵ Elkana se seuns was Amasai, Agimot, ²⁶ en Elkana.

Elkana se seuns was sy seun Sofai, dié se seun Nagat, ²⁷ dié se seun Eliab, dié se seun Jerogam, en dié se seun Elkana.

²⁸ Samuel se seuns was Joël,^c die eersgeborene, en Abia was die tweede.

²⁹ Merari se nageslag was Magli, dié se seun Libni, dié se seun Simi, dié se seun Ussa, ³⁰ dié se seun Sima, dié se sy seun Gaggija, en dié se seun Asaja.

Tempelsangers

³¹ *Dit is die mense wat deur Dawid in beheer geplaas is van die sang in die huis van die HERE, vandat dit die rusplek van die ark was. ³² Hulle het met sang diens gedoen voor die heiligdom, die Tent van Ontmoeting, totdat Salomo die huis van die HERE in Jerusalem gebou het. Hulle het hulle dienswerk verrig soos vir hulle voorgeskryf is.

³³ Hier volg hulle wat dienswerk verrig het, asook hulle nageslagte:

Uit die nageslag van Kehat was daar Heman, die tempelsanger, seun van Joël, seun van Samuel, ³⁴ seun van Elkana, seun van Jerogam, seun van Eliël, seun van Toag, ³⁵ seun van Suf, seun van Elkana, seun van Magat, seun van Amasai, ³⁶ seun van Elkana, seun van Joël, seun van Asarja, seun van Sefanja, ³⁷ seun van Tagat, seun van Assir, seun van Ebjasaf, seun van Korag, ³⁸ seun van Jishar, seun van Kehat, seun van Levi, seun van Israel.

³⁹ Sy^d stamgenoot Asaf is die een wat aan sy regterkant gestaan het. Asaf was die seun van Berekja, seun van Sima, ⁴⁰ seun van Migael, seun van

^c6:28 Joël: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word ingevoeg op grond van 1 Sam 8:2 en 1 Kron 6:33.

*6:31-47 1 Kron 25:1-31

^d6:39 Sy: Dit verwys na Heman; vgl 1 Kron 6:33.

Baäseja,^e seun van Malkija,⁴¹ seun van Etni, seun van Serag, seun van Adaja,⁴² seun van Etan, seun van Simma, seun van Simi,⁴³ seun van Jagat, seun van Gersom, seun van Levi.

⁴⁴ Die nageslag van Merari, hulle stamgenote, was aan die linkerkant: Etan, seun van Kisi, seun van Abdi, seun van Malluk,⁴⁵ seun van Gasabja, seun van Amasia, seun van Gilkija,⁴⁶ seun van Amsi, seun van Bani, seun van Semer,⁴⁷ seun van Magli, seun van Musi, seun van Merari, seun van Levi.

Nageslag van Aäron

⁴⁸ Hulle Levitiese stamgenote is aangestel vir al die dienswerk by die heiligdom, die huis van God,⁴⁹ maar Aäron en sy nageslag, wat die offers op die brandofferaltaar en die wierookaltaar verbrand het, is aangestel vir al die werk met die allerheiligste voorwerpe,^f en om vir Israel versoening te doen presies soos Moses, die dienskneg van God, beveel het.

⁵⁰ *Dit is Aäron se nageslag: Eleasar was sy seun; dié se seun was Pinehas, dié se seun Abisua,⁵¹ dié se seun Bukki, dié se seun Ussi, dié se seun Seragja,⁵² dié se seun Merajot, dié se seun Amarja, dié se seun Agitub,⁵³ dié se seun Sadok, en dié se seun Agimaäs.

Woonplekke van die Leviete

(Jos 21:5-39)

⁵⁴ *Dit is dan hulle woonplekke, volgens kampplekke, op hulle

^e**6:40 Baäseja:** Verskeie Hebreeuse mss, die •Septuagint en •Peshitta lui: “Maäseja”.

^f**6:49 al ... voorwerpe:** Dit kan ook vertaal word: “die werk van die allerheiligste”.

***6:50-53** 1 Kron 6:4-8

***6:54-81** Vgl Num 35:2-8; Jos 21:1-42

grondgebied:

Aan die nageslag van Aäron, dit is die familiegroep van Kehat — die eerste lot het immers op hulle geval — ⁵⁵ aan hulle is Hebron in die gebied van Juda gegee, asook die omliggende weiveld daarvan. ⁵⁶ *Die dorp se lande en gehuggies is egter aan Kaleb, seun van Jefunne, gegee.

⁵⁷ Aan die nageslag van Aäron is die volgende asielstede gegee:

Hebron, Libna met sy weiveld, Jattir, Estemoa met sy weiveld, ⁵⁸ Giles^g met sy weiveld, Debir met sy weiveld, ⁵⁹ Asan met sy weiveld, Bet-Semes met sy weiveld.

⁶⁰ Uit die stam van Benjamin was dit

Geba met sy weiveld, Alemet met sy weiveld, Anatot met sy weiveld. Onder hulle familiegroepe was dit altesaam dertien dorpe.

⁶¹ Aan die nageslag van Kehat, dié wat oorgebly het uit die familiegroep van die stam, is daar deur die lot tien dorpe aangewys uit die stamgebied van die halwe stam, die stam van Manasse.

⁶² Aan die nageslag van Gersom is daar, volgens hulle familiegroepe, in Basan dertien dorpe aangewys uit die stamgebied van Issaskar, van Aser, van Naftali en van Manasse.

⁶³ Aan die nageslag van Merari is daar, volgens hulle familiegroepe, twaalf dorpe deur die lot aangewys uit die stamgebied van Ruben, van Gad en van Sebulon.

⁶⁴ *Die Israëliete het vir die Leviete die dorpe en hulle weiveld gegee.

⁶⁵ *Hulle het deur die lot hierdie stede wat by die naam genoem word, aangewys uit die stamgebied van Juda se nageslag, uit dié van Simeon se nageslag en uit dié van Benjamin se nageslag.

* **6:56** Jos 14:13-14; 15:13-14

^g**6:58 Giles:** In Jos 21:15 is die naam Golon.

* **6:64** Jos 15:1-12; 18:11-28; 19:1-9; 21:3; 1 Kron 6:65

* **6:65** Jos 21:4,9

⁶⁶ En wat die res van die familie-groepe van Kehat se nageslag betref — die dorpe van hulle grondgebied was uit die stamgebied van Efraim.

⁶⁷ Hulle het aan hulle die volgende asielstede gegee:

Sigem met sy weiveld in die heuweland van Efraim, Geser met sy weiveld, ⁶⁸ Jokmeam met sy weiveld, Bet-Goron met sy weiveld, ⁶⁹ Ajalon met sy weiveld, Gat-Rimmon met sy weiveld.

⁷⁰ Uit die halwe stam van Manasse se grondgebied was dit Aner met sy weiveld, en Bileam met sy weiveld aan die oorblywende familie-groep van die nageslag van Kehat.

⁷¹ Aan die nageslag van Gersom is Golan in Basan, met sy weiveld, en Astarot met sy weiveld gegee uit die familie-groep van die halwe stam van Manasse se grondgebied.

⁷² Uit die stamgebied van Issaskar was dit Kedes met sy weiveld, Daberat met sy weiveld, ⁷³ Ramot met sy weiveld, en Anem^h met sy weiveld.

⁷⁴ Uit die stamgebied van Aser was dit Masalⁱ met sy weiveld, Abdon met sy weiveld, ⁷⁵ Gukok met sy weiveld, en Regob met sy weiveld.

⁷⁶ Uit die stamgebied van Naftali was dit Kedes in Galilea met sy weiveld, Gammon met sy weiveld, en Kirjatajim met sy weiveld.

⁷⁷ * Aan die nageslag van Merari wat oorgebly het, het hulle uit die stamgebied van Sebulon gegee Rimmono^j met sy weiveld, en Tabor met sy weiveld.

^h**6:73 Anem:** Sommige vertalings volg Jos 21:29 en wysig “Anem” na “En-Gannim”.

ⁱ**6:74 Masal:** Volgens Jos 19:26 en 21:30 was die naam Misal.

***6:77-78** Jos 21:34-36

^j**6:77 Rimmono:** Sommige vertalings lui: “Rimmon”.

⁷⁸ Oorkant die Jordaan by Jerigo, aan die oostekant van die Jordaan, uit die stamgebied van Ruben, was dit

Beser, in die woestyn,^k met sy weiveld, Jasa met sy weiveld,

⁷⁹ Kedemot met sy weiveld, en Mefaät met sy weiveld.

⁸⁰ Uit die stamgebied van Gad was dit

Ramot in Gilead, met sy weiveld, Maganajim met sy weiveld,

⁸¹ Gesbon met sy weiveld, en Jaser met sy weiveld.

7

Nageslag van Issaskar

¹ Issaskar se seuns was

Tola, Pua,¹ Jasub en Simron — vier.

² Tola se seuns was

Ussi, Refaja, Jeriël, Jagmai, Jibsam en Samuel. Hulle was hoofde van hulle families vir die Tola-groep, dapper krygers, volgens hulle familiegeskiedenis. Hulle getal in die tyd van Dawid was twee-en-twintigduisend seshonderd.

³ Ussi se nageslag was Jisragja, en Jisragja se seuns was Migael, Obadja, Joël en Jissija. Hulle vyf was almal familiehoofde. ⁴ As deel van hulle, van hulle families, was daar, volgens hulle familiegeskiedenis, vir gevegte 'n troepemag van ses-en-dertigduisend, want hulle het baie vroue en kinders gehad.

⁵ Hulle stamgenote, al die familie-groepe van Issaskar, was altesaam sewe-en-tagtigduisend dapper krygers, volgens hulle geslagsregister.

^k**6:78 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

¹**7:1 Pua:** In Gen 46:13 en Num 26:23 is die naam Puwwa.

Nageslag van Benjamin

⁶ * Benjamin se seuns^m was Bela, Beker en Jediael — drie.

⁷ Bela se seuns was Esbon, Ussi, Ussiël, Jerimot en Iri, vyf familiehoofde, dapper krygers. Volgens hulle geslagsregister was hulle twee-en-twintigduisend vier-en-dertig man.

⁸ Beker se seuns was Semira, Joas, Eliëser, Eljoënai, Omri, Jeremot, Abia, Anatot en Alemet. Hulle almal was Beker se seuns. ⁹ Volgens die geslagsregister van hulle familiegeskiedenis was hulle familiehoofde, dapper krygers — twintigduisend tweehonderd.

¹⁰ Jediael se nageslag was Bilhan, en Bilhan se seuns was Jeüs, Benjamin, Ehud, Kenaäna, Setan, Tarsis en Agisagar. ¹¹ Hulle almal was Jediael se nageslag; volgens die familiehoofde was daar sewentienduisend tweehonderd dapper krygers wat as 'n leër oorlog toe kon gaan.

¹² Suppim en Guppim was die nageslag van Ir, en Gussim die nageslag van Ager.

Nageslag van Naftali

¹³ * Naftali se seuns was Jagseël, Guni, Jeser, Sallum en die nageslag van Bilha.

Nageslag van Manasse

¹⁴ * Manasse se seuns was Asriël, wat deur sy Aramese byvrou in die wêreld gebring is; sy het ook Makir, die pa van Gilead, in die wêreld gebring.

***7:6** Gen 46:21; Num 26:38-39; 1 Kron 8:1-2

^m**7:6 se seuns:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar kom wel voor in die vroeë vertalings.

***7:13** Gen 46:24; Num 26:48-49

***7:14-19** Gen 50:22-23; Num 26:28-34; 27:1; Jos 17:1-4

¹⁵ Makir het vir Guppim en Suppim vroue geneem.ⁿ Sy suster se naam was Maäka.

Die tweede seun se naam was Selofgad, maar Selofgad het net dogters gehad. ¹⁶ Makir se vrou, Maäka, het 'n seun in die wêreld gebring, en sy het hom Peres genoem. Sy broer se naam was Seres, en sy seuns was Ulam en Rekem.

¹⁷ Ulam se nageslag was Bedan.

Dit was dan die nageslag van Gilead, seun van Makir, seun van Manasse. ¹⁸ Moleket, Gilead se suster, het Ishod, Abiëser en Magla in die wêreld gebring.

¹⁹ Semida se seuns was Agjan, Sekem, Likgi en Aniam.

Nageslag van Efraim

²⁰ *Efraim se nageslag was Sutelag,

dié se seun Bered, dié se seun Tagat, dié se seun Elada, dié se seun Tagat, ²¹ dié se seun Sabad en dié se seun Sutelag.

Wat Eser en Elad betref: Die mense van Gat wat in die land gebore is, het hulle doodgemaak omdat hulle afgetrek het om die mense se vee te vat. ²² Hulle pa Efraim het lank oor hulle getreur, en sy broers het hom kom troos. ²³ Hy het met sy vrou omgang gehad,^o sy het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Hy het hom Beria genoem, want dit het gebeur tydens 'n ramp^p in sy huis.

²⁴ Sy dogter was Seëra. Sy het Bet-Goron-Onder en Bet-Goron-Bo gebou, en ook Ussen-Seëra.

ⁿ7:15 **Makir ... geneem:** Die teks is waarskynlik verkeerd oorgelewer. Volgens 1 Kron 7:12 was Guppim en Suppim Benjaminiete.

*7:20-28 Num 26:35-37

^o7:23 **omgang gehad:** Letterlik 'ingegaan na'.

^p7:23 **Beria ... ramp:** In Hebreeus klink die naam Beria byna soos 'tydens 'n ramp'.

²⁵ Refag was sy ander seun;

dié se seun^q was Resef, dié se seun Telag, dié se seun Tagan, ²⁶ dié se seun Ladan, dié se seun Ammihud, dié se seun Elisama, ²⁷ *dié se seun Nun en dié se seun Josua.

²⁸ *Hulle grondgebied en woonplekke was Bet-El, met sy omliggende dorpies, na die ooste toe Naäran, en na die weste toe Geser, met hulle omliggende dorpies, asook Sigem, met sy omliggende dorpies, tot by Aja, met sy omliggende dorpies.

Manasse se woongebied

²⁹ Onder beheer van Manasse se nageslag was Bet-San met sy omliggende dorpies, Taänak met sy omliggende dorpies, Megiddo met sy omliggende dorpies, en Dor met sy omliggende dorpies.

Dit is waar die nageslag van Josef, seun van Israel, gewoon het.

Nageslag van Aser

³⁰ *Aser se seuns was Jimna, Jiswa, Jiswi en Beria, en Serag was hulle suster.

³¹ Beria se seuns was Geber en Malkiël; hy was die pa van Birsajit.

³² Geber het Jaflet, Semer^r en Gotam, en hulle suster, Sua, verwek.

³³ Jaflet se seuns was Pasak, Bimhal en Aswat. Dit was Jaflet se seuns.

³⁴ Semer se seuns was Agi, Roga, Gubba en Aram.

³⁵ Sy broer Helem se nageslag was Sofag, Jimna, Seles en Amal.

^q7:25 dié se seun: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie. Sommige mss van die •Septuagint word hier gevolg.

*7:27 Eks 33:11; Num 13:16

*7:28-29 Jos 16:1 — 17:18

*7:30-40 Gen 46:17-18; Num 26:44-47

^r7:32 Semer: Die bronteks lui: “Somer”; vgl egter 1 Kron 7:34.

³⁶ Sofag se seuns was Suag, Garnefer, Sual, Beri, Jimra, ³⁷ Beser, Hod, Samma, Silsa, Jitran en Beëra.

³⁸ Jeter se seuns was Jefunne, Pispa en Ara.

³⁹ Ulla se seuns was Arag, Ganniël en Risja.

⁴⁰ Hulle almal was Aser se nageslag: familiehoofde, uitgelese, dapper krygers, hoofde van stamleiers.^s Volgens hulle geslagsregister, met die oog op die leër in oorlogstyd, was hulle getal ses-en-twintigduisend man.

8

Nageslag van Benjamin

¹ * Benjamin het Bela, sy eersgeborene, verwek, daarna Asbel, die tweede, Agrag, die derde, ² Noga, die vierde, Rafa, die vyfde.

³ Bela het die volgende seuns gehad: Addar,^t Gera, Abihud, ⁴ * Abisua, Naäman, Agoag, ⁵ Gera, Sefufan en Guram.

⁶ Die volgende was die nageslag van Egud — hulle was familiehoofde van die inwoners van Geba, en hulle het hulle^u na Managat weggevoer in ballingskap — ⁷ Naäman, Agia en Gera. Gera is die een wat hulle weggevoer het, en hy het Ussa en Agigud verwek.

⁸ Sagarajim het pa geword in die gebied van Moab, nadat hy sy vrouens Gusim en Baära weggestuur het. ⁹ Hy het by Godes, sy vrou, Jobab, Sibja, Mesa en Malkam verwek, ¹⁰ ook Jeüs, Sakeja en

^s**7:40 stamleiers:** In Hebreeus •*nasim*. Dit verwys dikwels na verkose leiers.

* **8:1** Gen 46:21-22; Num 26:38-41

^t**8:3 Addar:** Volgens Gen 46:21 en Num 26:40 was die naam Ard.

* **8:4** Vgl Gen 46:21

^u**8:6 hulle het hulle:** Daar is onsekerheid oor die vraag oor na wie “hulle” verwys. Dit beteken waarskynlik dat Benjaminiete deur hulle eie mense weggevoer is; vgl 1 Kron 8:7.

- Mirma. Dit was sy seuns, familiehoofde. ¹¹ By Gusim het hy Agitub en Elpaäl verwek.
- ¹² Elpaäl se seuns was Eber, Misam en Semed — hy is die een wat Ono en Lod, met sy omliggende dorpies, gebou het. ¹³ Beria en Sema was ook sy seuns. Hulle was die familiehoofde van die inwoners van Ajalon. Dit is hulle wat die inwoners van Gat laat vlug het.
- ¹⁴ Agjo, Sasak, Jeremot, ¹⁵ Sebadja, Arad, Eder, ¹⁶ Migael, Jispa en Joga was die nageslag van Beria.
- ¹⁷ Sebadja, Mesullam, Giski, Geber, ¹⁸ Jismerai, Jislia en Jobab was die nageslag van Elpaäl.
- ¹⁹ Jakim, Sikri, Sabdi, ²⁰ Eliënai, Silletai, Eliël, ²¹ Adaja, Beraja en Simrat was die nageslag van Simi.
- ²² Jispan, Eber, Eliël, ²³ Abdon, Sikri, Ganan, ²⁴ Gananja, Elam, Antotija, ²⁵ Jifdeja en Penuel was die nageslag van Sasak.
- ²⁶ Samserai, Segarja, Atalia, ²⁷ Jaäresja, Elia en Sikri was die nageslag van Jerogam. ²⁸ Hulle was familiehoofde, hoofde volgens hulle familiegeskiedenis. Dit is hulle wat in Jerusalem gewoon het.
- ²⁹ *In Gibeon het die stigter van^v Gibeon gewoon, en sy vrou se naam was Maäka. ³⁰ *Sy seun, die eersgeborene, was Abdon; verder Sur, Kis, Baäl, Nadab, ³¹ Gedor, Agjo en Seker.
- ³² Miklot het Sima verwek. Ook hulle het in Jerusalem regoor hulle stamgenote gewoon, saam met hulle stamgenote.
- ³³ Ner het Kis verwek, Kis het Saul verwek, en Saul het Jonatan, Malkisua, Abinadab en Es-Baäl verwek.
- ³⁴ Jonatan se seun was Meribbaäl, en Meribbaäl het Miga verwek.
- ³⁵ Miga se seuns was Piton, Melek, Tarea en Agas.

* **8:29-38** 1 Kron 9:35-44

^v**8:29 stigter van:** Die woorde “stigter van” kan ook vertaal word: “vader van”.

* **8:30-33** Vgl 1 Sam 9:1-2; 14:49

³⁶ Agas het Jehoadda verwek, en Jehoadda het Alemet, Asmawet en Simri verwek.

Simri het Mosa verwek.

³⁷ Mosa het Bina verwek; sy seun was Rafa, dié se seun Elasa, en dié se seun Asel.

³⁸ Asel het ses seuns gehad, en dit was hulle name: Asrikam, Bokeru, Ismael, Searja, Obadja en Ganan. Hulle almal was Asel se seuns.

³⁹ Sy broer Esek se seuns was Ulam, sy eersgeborene, Jeüs, die tweede, en Elifelet, die derde.

⁴⁰ Ulam se seuns was manne, dapper krygers wat 'n boog kon span.

Hulle het baie kinders en kleinkinders gehad, honderd-en-vyftig.

Hulle almal was van die nageslag van Benjamin.

9

Inwoners van Jerusalem ná die ballingskap

¹ *Die hele Israel is in geslagsregisters opgeskryf. Kyk, hulle is opgeteken in die boekrol van die konings van Israel en Juda.^w Juda is na Babel weggevoer oor hulle ontrou. ² *Die eerste inwoners wat weer op hulle erfgrond in hulle stede was, was Israeliete, priesters, Leviëte en tempeldienaars.

³ *In Jerusalem het daar uit die nageslag van Juda, Benjamin, Efraim en Manasse die volgende gewoon:

⁴ Utai, seun van Ammihud, seun van Omri, seun van Imri, seun van Bani, uit die nageslag van Peres, seun van Juda;

*9:1 2 Kon 24:15-16; 1 Kron 5:25; 11:1,10

^w9:1 boekrol ... Juda: Dit verwys nie na 1 en 2 Konings nie, maar na naamlyste wat verlore is.

*9:2 Esra 2:1-2; Neh 11:3-4

*9:3-6 Neh 11:4-6

⁵ van die mense van Silo was dit Asaja, die eersgeborene, en sy seuns;
⁶ uit die nageslag van Serag was dit Jeüel. Hulle stamgenote was
seshonderd-en-negentig;

⁷ * uit die nageslag van Benjamin was dit Sallu, seun van Mesullam,
seun van Hodauja, seun van Senua, ⁸ asook Jibneja, seun van
Jerogam, Ela, seun van Ussi, seun van Mikri, en Mesullam, seun
van Sefatja, seun van Reüel, seun van Jibnija. ⁹ Hulle stamgenote,
volgens hulle familiegeskiedenis, was negehonderd ses-en-vyftig.

Al hierdie manne was familiehoofde in hulle families.

¹⁰ * Van die priesters was daar:

Jedaja, Jojarib, Jakin ¹¹ en Asarja, seun van Gilkija, seun van
Mesullam, seun van Sadok, seun van Merajot, seun van Agitub, die
leier^x in die huis van God;

¹² dan Adaja, seun van Jerogam, seun van Pasgur, seun van Malkija, en
Masai, seun van Adiël, seun van Jagsera, seun van Mesullam, seun
van Mesillemot, seun van Immer. ¹³ Hulle stamgenote, die hoofde
van hulle families, was eenduisend sewehonderd-en-sestig —
bekwame manne vir die dienswerk in die huis van God.

¹⁴ * Van die Leviete was daar

Semaja, seun van Gassub, seun van Asrikam, seun van Gasabja uit die
nageslag van Merari; ¹⁵ asook Bakbakkar, Geres, Galal, Mattanja,
seun van Miga, seun van Sikri, seun van Asaf; ¹⁶ en Obadja, seun
van Semaja, seun van Galal, seun van Jedutun, en Berekja, seun
van Asa, seun van Elkana, wat in die dorpies van die Netofaiete

*9:7-9 Neh 11:7-9

*9:10-13 Neh 11:10-14

^x9:11 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

*9:14-16 Neh 11:15-18

gewoon het.

¹⁷ ******Die poortwagte was

Sallum, Akkub, Talmon, Agiman en hulle stamgenote, met Sallum as die hoof. ¹⁸ Tot op hede is hulle by die koningspoort aan die oostekant. Hulle was die poortwagte by die kampplekke van die Leviëte.

¹⁹ Sallum, seun van Kore, seun van Ebjasaf, seun van Korag, en sy stamgenote aan vaderskant, die Koragiete, moes as drumpelwagte toesig hou oor die dienswerk by die tent.^y Hulle voorvaders moes as bewakers van die ingang toesig hou oor die kamp van die HERE.

²⁰ Pinehas, seun van Eleasar, 'n leier, was voorheen oor hulle. Die HERE was met hom.

²¹ Sagaria, seun van Meselemja, was poortwag by die ingang van die Tent van Ontmoeting.

²² Hulle almal, tweehonderd-en-twaalf, was as uitgesoektes poortwagte by die drumpels. Hulle is by hulle dorpies in hulle geslagsregister opgeteken. In hulle geval het Dawid en die siener Samuel hulle in hulle vertrouensposisie aangestel. ²³ Hulle en hulle nageslag was as wagte in beheer van die poorte van die huis van die HERE, van die tenthuis. ²⁴ Vir elkeen van die vier windrigtings was daar poortwagte — aan die oostekant, die westekant, die noordekant en die suidekant. ²⁵ *****Hulle stamgenote in hulle dorpies moes van tyd tot tyd saam met hulle vir sewe dae inkom. ²⁶ *****Omdat hulle in 'n vertrouensposisie was, die vier vernaamste poortwagte, was hulle Leviëte. Hulle moes toesig hou oor

***9:17-33** 1 Kron 26:1-19

***9:17,22** 2 Kron 8:14; vgl Neh 11:19

^y9:19 die tent: Dit verwys na die •tempel; vgl ook 1 Kron 9:21-23.

***9:25** 2 Kon 11:5,7

***9:26** 1 Kron 16:20,22; Neh 12:25

die kamers en die skatte in die huis van God. ²⁷ *Reg rondom die huis van God moes hulle oornag, want hulle moes beskikbaar wees vir wagdiens, en hulle was in beheer van die oopsluit elke oggend.

²⁸ Sommige van hulle moes toesig hou oor die gebruiksvorwerpe vir die dienswerk; want getel moes hulle dit inbring en getel moes hulle dit weer wegneem.

²⁹ *Sommige van hulle is aangestel oor die gebruiksvorwerpe, oor al die gereedskap van die heiligdom en oor die gesifte meel,^z die wyn, die olyfolie, die wierook en die speserye. ³⁰ *Sommige van die priesters se nageslag moes self meng met die balsemolie. ³¹ *Mattitja, een van die Leviete — hy was die eersgeborene van Sallum, die Koragiet — moes toesig hou oor die bakwerk. ³² Uit die nageslag van Kehat was van hulle stamgenote in beheer van die brood, gerangskik in rye,^a om dit elke Sabbat gereed te kry. ³³ *Hierdie manne was die sangers, familiehoofde van die Leviete wat vrygestel was van werk in die kamers, omdat hulle dag en nag beskikbaar moes wees vir diens.

³⁴ Dit was die familiehoofde van die Leviete; volgens hulle familiegeskiedenis was hulle hoofde. Dit is hulle wat in Jerusalem gewoon het.

*9:27 Num 1:53; 1 Kron 23:30-32

*9:29 Num 3:31; 1 Kron 23:29

^z9:29 **gesifte meel**: Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

*9:30 Eks 30:22-25; 2 Kron 16:14

*9:31 Lev 2:5,7; 6:21; 1 Kron 23:29

^a9:32 **brood ... rye**: Dit verwys na die •vertoonbrode; vgl Lev 24:5-9.

*9:33 1 Kron 6:31-33; 25:1,6-7

Nageslag van die Gibeoniete

³⁵ *In Gibeon het Jeïel, die stigter van^b Gibeon, gewoon. Sy vrou se naam was Maäka.

³⁶ Sy eersgebore seun was Abdon, daarna Sur, Kis, Baäl, Ner, Nadab,
³⁷ Gedor, Agjo, Sagaria^c en Miklot.

³⁸ Miklot het Simam^d verwek. Ook hulle het regoor hulle stamgenote in Jerusalem gewoon, saam met hulle stamgenote.

³⁹ Ner het Kis verwek, en Kis het Saul verwek.

Saul het Jonatan, Malkisua, Abinadab en Es-Baäl verwek.

⁴⁰ Jonatan se seun was Meribbaäl en Meribbaäl het Miga verwek.

⁴¹ Miga se seuns was Piton, Melek, Tagrea.^e

⁴² Agas het Jara^f verwek.

Jara het Alemet, Asmawet en Simri verwek.

Simri het Mosa verwek.

⁴³ Mosa het Bina verwek, en Refaja was sy seun, dié se seun was Elasa en dié se seun Asel.

⁴⁴ Asel het ses seuns gehad. Dit was hulle name: Asrikam, Bokeru, Ismael, Searja, Obadja en Ganan. Hulle was Asel se seuns.

*9:35-44 1 Kron 8:29-38

^b9:35 stigter van: Die woorde “stigter van” kan ook vertaal word: “vader van”.

^c9:37 Sagaria: In 1 Kron 8:31 is die naam “Seker”.

^d9:38 Simam: In 1 Kron 8:32 is die naam “Sima”.

^e9:41 Tagrea: Vroeë vertalings voeg “en Agas” by; 1 Kron 8:35.

^f9:42 Jara: In 1 Kron 8:36 is die naam “Jehoadda”.

10

Saul se dood

(1 Sam 31)

¹ *Die Filistyne het teen Israel oorlog gevoer. Die manne van Israel het voor die Filistyne uit gevlug; die gesneuweldes het op die berg van Gilboa gelê. ² Die Filistyne het op Saul en sy seuns se hakke gebly, en die Filistyne het Jonatan, Abinadab en Malkisua, Saul se seuns, neergevel. ³ Die geveg het verhewig teen Saul, en die boogskutters het op hom afgekom. Hy het gebewe van angs vir die boogskutters.⁸ ⁴ Saul sê toe vir sy wapendraer: “Trek jou swaard en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en martel my.” Maar sy wapendraer wou nie, want hy was angsbevange. Toe vat Saul sy swaard en val daarin. ⁵ Toe sy wapendraer sien dat Saul dood is, val ook hy in sy swaard en sterf. ⁶ So het Saul en sy drie seuns gesterf. Sy hele gesin het saam gesterf.

⁷ Toe al die manne van Israel wat in die vallei was, sien dat hulle vlug, en dat Saul en sy seuns dood is, het hulle hulle dorpe verlaat en gevlug. Die Filistyne het toe gekom en daar gaan woon.

⁸ Die volgende dag, toe die Filistyne kom om die gesneuweldes te plunder, kry hulle Saul en sy drie seuns waar hulle op die berg van Gilboa lê. ⁹ Hulle het hom kaalgestroop en sy kop en sy wapens gevat. Hulle het boodskappers in die land van die Filistyne rondgestuur om vir hulle afgode en die volk die goeie nuus te bring. ¹⁰ Daarna het hulle sy wapens in die tempel van hulle god neergesit, en sy kopbeen het hulle in die tempel van Dagon vasgeslaan.

*10:1-12 1 Sam 31:1-13

⁸10:3 Hy ... **boogskutters**: In aansluiting by die •Septuagint en •Vulgaat word ook vertaal: “is hy ernstig gewond deur die boogskutters”.

¹¹ Toe almal by Jabes in Gilead alles hoor wat die Filistyne met Saul gedoen het, ¹² het al die knap manne gereedgemaak en Saul en sy seuns se lyke opgetel en hulle na Jabes geneem. Hulle het hulle beendere onder die terebintboom^h in Jabes begrawe en sewe dae lank gevas.

¹³ *Saul het gesterf vanweë sy troubreuk wat hy teen die HERE gepleeg het, aangesien hy die woord van die HERE nie nagekom het nie, en omdat hy boonop by die gees van 'n dooie navraag gedoen en dié geraadpleeg het. ¹⁴ Hy het nie die HERE geraadpleeg nie, en Hy het hom laat sterf. Hy het die koningskap laat oorgaan na Dawid, seun van Isai.

11

Dawid as koning

(2 Sam 5:1-3,6-10)

¹ *Die hele Israel het by Dawid in Hebron byeengekom en gesê: “Kyk, ons is u bloedfamilie.”ⁱ ² Reeds vroeër, selfs toe Saul koning was, was u die een wat Israel se veldtogte gelei het. Die HERE u God het vir u gesê,

‘Jy, jy sal 'n herder wees van my volk Israel,
ja, jy sal 'n leier^j wees oor my volk Israel.’* ”

³ Al die oudstes^k van Israel het na die koning in Hebron gekom, en

^h**10:12 terebintboom:** 'n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

***10:13** Lev 19:31; 1 Sam 13:8-14; 28:7-8

***11:1-3** 1 Sam 16:1-13; 2 Sam 5:1-3; 1 Kron 12:24-40; Ps 78:70-72

ⁱ**11:1 u bloedfamilie:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “u been en vlees”.

^j**11:2 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

***11:2 Jy, jy ... oor my volk Israel:** Matt 2:6

^k**11:3 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

Dawid het met hulle in Hebron 'n verbond gesluit voor die HERE. Toe het hulle Dawid as koning gesalf oor Israel, ooreenkomstig die woord van die HERE, by monde van Samuel.

Inname van Jerusalem

(2 Sam 5:6-10)

⁴ **Dawid en die hele Israel het toe na Jerusalem gegaan, dit is Jebus, waar die Jebusiete die inwoners van die gebied was. ⁵ Die inwoners van Jebus het vir Dawid gesê: “Jy sal nie hier inkom nie!” En tog het Dawid die Sionsvesting, dit is die stad van Dawid, ingeneem. ⁶ *Dawid het gesê: “Wie ook al eerste 'n Jebusiet neerver, word hoof en aanvoerder!” Joab, seun van Seruja, het eerste opgegaan, en hy het hoof geword.

⁷ *Dawid het in die vesting gaan woon; daarom het hulle dit die stad van Dawid genoem. ⁸ Dawid het die stad rondom opgebou, van die terrasse¹ af en reg rondom, terwyl Joab die res van die stad herstel het. ⁹ *Dawid het al hoe sterker geword. Die HERE, Heerser oor alle magte, was met hom.

Dawid se helde

(2 Sam 23:8-39)

¹⁰ *Hier volg die hoofde van Dawid se helde wat hom tydens sy

*11:4-6 2 Sam 5:6-7

*11:4 Jos 15:8,63; Rig 1:21

*11:6 2 Sam 8:16; 1 Kron 18:15

*11:7-9 2 Sam 5:9-10

¹11:8 die terrasse: Letterlik ‘opvulling’. Dit verwys waarskynlik na die sisteem van terrasse aan die oostekant van die stad van Dawid. Sommige vertalings gee dit weer as 'n pleknaam, die “Millo”.

*11:9 2 Sam 3:1

*11:10-17 2 Sam 23:8-17

koningskap kragtig bygestaan het, deurdat hulle, saam met die hele Israel, hom koning gemaak het oor Israel ooreenkomstig die woord van die HERE. ¹¹ *Dit is dan die getal helde wat Dawid gehad het: Jasobam, seun van Gakmoni, was hoof van die dertig. Hy het in een veldtog sy vegspies oor driehonderd gesneuweldes geswaai. ¹² Ná hom was daar Eleasar, seun van Dodo, uit Agoag. Hy was een van die drie helde. ¹³ *Hy was by Dawid in Pas-Dammim toe die Filistyne daar vir die geveg byeen was. Daar was 'n stuk land vol gars, en toe die manskappe voor die Filistyne uit vlug, ¹⁴ het hulle in die middel van die land stelling ingeneem en dit gered. Hulle het die Filistyne verslaan, en die HERE het 'n groot oorwinning bewerk.

¹⁵ *Drie van die dertig hoofde het afgegaan na Dawid by die rots, by die grot van Adullam.^m Die kamp van die Filistyne was opgeslaan in die vallei van Refaïm. ¹⁶ *Dawid was op daardie stadium in die bergvesting, en daar was 'n wagpos van die Filistyne in Betlehem. ¹⁷ Dawid was vol heimwee, en het gesê: “As iemand tog net vir my water kon laat drink uit die opgaarputⁿ by Betlehem wat by die dorpspoort is!” ¹⁸ Die drie het toe deur die kamp van die Filistyne gebreek en water geskep uit die opgaarput by die dorpspoort van Betlehem. Hulle het dit vir Dawid aangedra. Maar Dawid wou dit nie drink nie. Hy het dit vir die HERE uitgegiet ¹⁹ en gesê: “Mag my God my daarvan weerhou dat ek dit sou doen! Sou ek die bloed van hierdie manne drink wat hulle lewens

* **11:11** 1 Kron 12:18,23

* **11:13** 1 Sam 17:1

* **11:15-19** 2 Sam 23:13-17

^m**11:15 grot van Adullam:** 'n Grot digby Adullam, ongeveer 16 km suidoos van Gat; vgl Gen 38:1; Jos 12:15; 15:35; 1 Sam 22:1.

* **11:16** 1 Sam 10:5; 22:4-5

ⁿ**11:17 opgaarput:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

gewaag het? Ja, deur hulle lewens te waag, het hulle dit gebring.” Hy wou dit nie drink nie. Dit is wat die drie helde gedoen het.

²⁰ **Abisai, Joab se broer, hy was die hoof van die drie. Hy het sy vegspies oor driehonderd gesneuweldes geswaai; maar hy was nie een van die drie nie.^o ²¹ Onder die drietal het hy dubbele eer ontvang,^p en hy was vir hulle 'n aanvoerder;^q maar hy was nie die gelyke van die drie nie.

²² *Benaja, seun van Jojada, was 'n onverskrokke man uit Kabseël wat groot daade gedoen het. Hy is die een wat die twee manne van Moab, manne met leeuemoed,^r verslaan het. Dit is hy wat op 'n dag toe dit gesneeu het, binne-in 'n opgaarput afgegaan en 'n leeu neergevel het.

²³ *Dit is ook hy wat 'n Egiptenaar, 'n man wat vyf el^s lank was, verslaan het. Die Egiptenaar het 'n vegspies soos die dwarsbalk van 'n weefraam in sy hand gehad. Benaja het na hom afgegaan net met 'n stok. Hy het die vegspies uit die Egiptenaar se hand geruk en hom met sy eie

*11:20-47 2 Sam 23:18-39

*11:20 1 Sam 26:6

^o11:20 hy ... drie nie: Die •Masoretiese leestradisie, talle Hebreeuse mss en die vroeë vertalings lui: “vir hom is 'n naam by die drie”.

^p11:21 dubbele eer ontvang: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal.

^q11:21 aanvoerder: In Hebreeus *sar*. Dit verwys gewoonlik na die eerste verteenwoordiger van die koning, in hierdie geval in die weermag.

*11:22 2 Sam 8:18; 1 Kron 18:17

^r11:22 die twee ... leeuemoed: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige gee dit weer met “die twee helde”, terwyl ander dit as “die twee seuns van Ariël” vertaal. Die Hebreeuse woord *ariël* is letterlik ‘leeu van God’ en kan ook vertaal word: “ontsaglike leeu”.

*11:23 1 Sam 17:7; 2 Sam 21:19; 1 Kron 20:5

^s11:23 5 el: Ongeveer 2,25 m; •Lengtemate.

vegspies doodgemaak. ²⁴ Dit was sulke dade wat Benaja, seun van Jojada, gedoen het, en hy was beroemd^t by die drie helde. ²⁵ Hy was ongetwyfeld meer geëerd as die dertig, maar hy was nie die gelyke van die drie nie. Dawid het hom aangestel oor sy lyfwag.

²⁶ *Die dapper krygers was:

Asael, broer van Joab;

Elganan, seun van Dodo, uit Betlehem;

²⁷ Sammot uit Haror;^u

Geles uit Pelon;

²⁸ Ira, seun van Ikkes, uit Tekoa;

Abiëser uit Anatot;

²⁹ Sibbekai uit Gusa;

Ilai uit Agoag;

³⁰ Marai uit Netofa;

Geled, seun van Baäna, uit Netofa;

³¹ Ittai, seun van Ribai, uit Gibeä van die Benjaminiete;

Benaja uit Piraton;

³² Gurai uit Nagale-Gaäs;

Abiël uit die Araba;

³³ Asmawet uit Bagarum;

Eljagba uit Saälbon;

³⁴ die seuns van Hasem uit Gison;

Jonatan, seun van Sage, uit Harar;

³⁵ Agiam, seun van Sakar, uit Harar;

^t11:24 hy was beroemd: Die bronteks lui: “vir hom was daar 'n naam”.

* 11:26 2 Sam 2:18-23

^u11:27 Sammot uit Haror: In 2 Sam 23:25 is die naam “Samma” en die pleknaam “Garod”.

Elifal, seun van Ur;
³⁶ Gefer uit Mekera;
Agia uit Pelon;
³⁷ Gesro uit Karmel;
Naärai, seun van Esbai;
³⁸ Joël die broer van Natan;
Mibgar, seun van Hagri;
³⁹ *Selek die Ammoniet;
Nagrai uit Beërot, die wapendraer van Joab, seun van Seruja;
⁴⁰ Ira uit Jeter;
Gareb uit Jeter;
⁴¹ Urija* die Hetiet;
Sabad, seun van Aglai;
⁴² Adina, seun van Sisa, 'n Rubeniet, hoof van die Rubeniete, met
dertig by hom;
⁴³ Ganan, seun van Maäka;
Josafat uit Meten;
⁴⁴ Ussia uit Astarot;
Sama en Jeïel, seuns van Gotam, uit Aroër;
⁴⁵ Jediael, seun van Simri, en sy broer Joga uit Tis;
⁴⁶ Eliël uit Magawi;
Jeribai en Josauja, seuns van Elnaäm;
Jitma die Moabiet;
⁴⁷ Eliël, Obed en Jaäsiël uit Soba.

* **11:39-41** 2 Sam 23:37-39

* **11:41 Urija:** 2 Sam 11:1-27

12

Dawid se leërmag

¹*Dit was die manne wat na Dawid gekom het in Siklag toe hy nog uitgesluit was uit die teenwoordigheid van Saul, seun van Kis. Hulle was onder die helde wat bystand verleen het in die oorlog. ²*Gewapen met boë, kon hulle regs- of linkshandig gooi met 'n slingervel, of skiet met pyl en boog. Hulle was van die stamgenote van Saul uit Benjamin:

³Die hoof was Agiëser;
dan Joas, seun van Semaä, uit Gibeä;
Jesiël en Pelet, seuns van Asmawet;
Beraka en Jehu uit Anatot;

⁴Jismaja uit Gibeon, 'n held onder die dertig en in beheer van die dertig;

^vJeremia, Jagasiël, Joganan en Josabad uit Gedera;

⁵Elusai, Jerimot, Bealja, Semarja en Sefatja uit Garif;

⁶Elkana, Jissija, Asarel, Joëser en Jasobam, die Koragiete;

⁷Joëla en Sebadja, seuns van Jerogam, uit Gedor.

⁸**Van die mense van Gad het oorgeloop na Dawid, na die bergvesting in die woestyn,^w dapper manne, krygsmanne gereed vir die geveg,

*12:1 1 Sam 27:1-6

*12:2 Rig 20:16; 1 Kron 8:40; 12:29

^v12:4b-40 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 1 Kron 12:5-41.

*12:8-15 Vgl Deut 33:20; 1 Kron 5:18-22

*12:8 2 Sam 2:18

^w12:8 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

toegerus met grootskild^x en steekspies. Hulle gesigsuitdrukking was soos dié van leeus, en soos gaselle op die berge, so vinnig was hulle.

⁹ Eser was die hoof, Obadja die tweede, Eliab die derde, ¹⁰ Mismanna die vierde, Jeremia die vyfde, ¹¹ Attai die sesde, Eliël die sewende, ¹² Joganan die agtste, Elsabad die negende, ¹³ Jeremia die tiende, Makbannai die elfde.

¹⁴ *Hierdie manne was uit die nageslag van Gad, leerhoofde; net een, die geringste, was die gelyke van 'n honderd, en die belangrikste, die gelyke van 'n duisend. ¹⁵ *Dit was hierdie manne wat die Jordaan oorgesteek het in die eerste maand, terwyl dit vol was tot oor al sy walle, en water al die valleie aan die ooste- en westekant versper het.^y

¹⁶ *Toe daar van die nageslag van Benjamin en Juda na die bergvesting, na Dawid, gekom het, ¹⁷ *het Dawid uitgegaan, voor hulle gaan staan en vir hulle gesê: “As julle in vrede na my gekom het om my te help, is ek dit met julle van harte eens.^z Maar as julle gekom het om my aan my teenstanders te verraaï, terwyl daar nie geweld aan my handpalms kleef nie, mag die God van ons voorouers dit sien en straf.”

^x**12:8 grootskild:** 'n Lang, ovaalvormige skild van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

***12:14** Deut 32:30

***12:15** Jos 3:15

^y**12:15 water ... het:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit word ook vertaal: “en hulle het al die inwoners van die valleie laat vlug na die ooste en die weste”.

***12:16** 1 Sam 22:1-2

***12:17** 1 Sam 16:4

^z**12:17 is ... eens:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

Letterlik ‘en vir my sal by julle 'n hart wees tot een’.

¹⁸*Toe het 'n gees van Amasai, die hoof van die dertig,^a besit geneem, en hy het gesê:^b

“Ons is vir u, Dawid,
en saam met u, seun van Isai!
Vrede, vrede vir u,
en vrede vir die wat u help,
want u God help u!”

Dawid het hulle aanvaar en hulle as hoofde van die troepe aangestel.

¹⁹*Uit Manasse het mense na Dawid oorgeloop toe hy saam met die Filistyne gegaan het vir die geveg teen Saul. Hulle het die Filistyne egter nie gehelp nie, want die Filistynse regeerders het Dawid ná oorlegpleging weggestuur en gesê: “Met ons koppe sal hy oorloop na sy heer Saul.” ²⁰*Toe hy na Siklag gegaan het, het mense uit Manasse na hom oorgeloop. Dit was Adnag, Josabad, Jediael, Migael, Josabad, Elihu en Silletai, hoofde oor duisende wat by Manasse hoort. ²¹ Dit is hulle wat Dawid ondersteun het teen die rowerbende,^{*} want almal van hulle was dapper krygers, en hulle het aanvoerders^c in die leër geword.

***12:18** Rig 6:34; 2 Kron 20:14; 24:20; Luk 24:49

^a**12:18 hoof ... dertig:** Die •Masoretiese leestradië lui: “hoof van die adjudante”.

^b**12:18 en ... gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie. Die •Septuagint word hier gevolg.

***12:19** 1 Sam 29:1-11

***12:20** 1 Sam 27:6; 1 Kron 12:1

***12:21 rowerbende:** 1 Sam 30:1-20

^c**12:21 aanvoerders:** In Hebreeus *sar*. Dit verwys gewoonlik na die eerste verteenwoordiger van die koning as bevelvoerder oor die weermag, of administrasie; dit kan ook verwys na 'n gesagsfiguur in die tempel, of in stam- of familieverband.

²² * Ja, dag ná dag het mense na Dawid gekom om hom te help, totdat dit 'n groot leër was, inderdaad 'n geweldige leër.^d

²³ Dit is die getalle van die manne wat ná 'n hoofdelike telling^e slag gereed was vir oorlog. Hulle het na Dawid in Hebron gekom om die koningskap van Saul op hom oor te dra, ooreenkomstig die bevel van die HERE:

²⁴ Die nageslag van Juda wat grootskild en steekspies dra —
sesduisend agthonderd, gewapen vir oorlog;

²⁵ uit die nageslag van Simeon, dapper krygers van die leër —
seweduisend eenhonderd;

²⁶ uit die nageslag van Levi — vierduisend seshonderd;

²⁷ * Jojada, die leier^f van die Aärongroep, en saam met hom drieduisend
sewehonderd;

²⁸ * Sadok, 'n jong man, 'n dapper kryger, en sy familie, met twee-en-
twintig aanvoerders;

²⁹ * uit die nageslag van Benjamin, stamgenote van Saul — drieduisend,
en tot op daardie stadium het die meeste van hulle die
verpligtinge teenoor die huis van Saul nagekom;

³⁰ uit die nageslag van Efraim — twintigduisend agthonderd, dapper
krygers, manne met aansien in hulle families;

* **12:22-23** 2 Sam 2:3-4; 5:1; 1 Kron 12:38

^d**12:22 inderdaad ... leër:** Die bronteks kan ook vertaal word: “soos die leër van God”.

^e**12:23 Dit ... telling:** Letterlik ‘Dit was die getalle van die koppe van’. Dit verwys na die koppe van die weerbare manne wat getel is.

* **12:27** 1 Kron 11:22

^f**12:27 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

* **12:28** 2 Sam 8:17; 1 Kron 16:39

* **12:29** 2 Sam 3:19

- ³¹ uit die halwe stam van Manasse — agtienduisend, wat by die naam aangewys is om Dawid te kom koning maak;
- ³² * uit die nageslag van Issaskar, kenners met insig in die tye, sodat hulle weet wat Israel moet doen — hulle hoofde was tweehonderd man, met al hulle stamgenote onder hulle bevel;
- ³³ uit Sebulon, dié wat gereed was om op 'n veldtog te vertrek en met onverdeelde harte hulp te verskaf, in gevegslinies opgestel met al die oorlogswapens — vyftigduisend;
- ³⁴ uit Naftali, 'n duisend aanvoerders, en saam met hulle sewe-entertigduisend met grootskilde en vegspiese;
- ³⁵ uit die mense van Dan, in gevegslinies opgestel — agt-entwintigduisend seshonderd;
- ³⁶ uit Aser, dié wat gereed was om op 'n veldtog te vertrek, om in gevegslinies opgestel te word — veertigduisend;
- ³⁷ van oorkant die Jordaan, uit die mense van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse, met al die wapens van 'n leërmag — honderdentwintigduisend.

³⁸ *Hulle was almal weerbare manne wat gereed was om hulp te verleen met die gevegslinies. Met onverdeelde harte het hulle na Hebron gekom om Dawid koning te maak oor die hele Israel. Ook die hele res van Israel was een van hart om Dawid koning te maak. ³⁹ Hulle was drie dae lank daar saam met Dawid, besig om te eet en te drink, want hulle volksgenote het vir hulle voorsien. ⁴⁰ *Ook dié wat naby hulle was, maar tot so ver as Issaskar, Sebulon en Naftali, het kos gebring op donkies, kamele, muile en beeste: eetgoed, meel, blokke

* **12:32** Est 1:13

* **12:38** 2 Sam 2:1; 5:1-3; 1 Kron 11:10; 12:23

* **12:40** 1 Sam 25:18

saamgeperste droë vye, blokke saamgeperste rosyne, wyn, olyfolie, en beeste en kleinvee in oorvloed; want daar was vreugde in Israel.

13

Verskuiwing van die ark

(2 Sam 6:2-11)

¹ Nadat Dawid met die aanvoerders^g van duisend en van honderd, met elke leier,^h beraadslaag het, ²* sê hy vir die hele geloofsgemeenskap van Israel: “As julle dit goedvind, en as dit van die HERE ons God af kom,^{*} kom ons versprei die nuus en stuur die berig deur na ons volksgenote wat nog oor is in al die gebiede van Israel, en saam met hulle ook na die priesters en Leviëte in die dorpe waar hulle weiregte het, sodat hulle hier by ons kan byeenkom. ³* Kom ons bring dan die ark van ons God na ons toe, want in Saul se tyd het ons nie daarvoor gesorgⁱ nie.”

⁴ Die hele geloofsgemeenskap het ingestem om dit so te doen, want die saak was reg in die oë van die hele volk.

⁵* Daarop het Dawid die hele Israel, van Sigor^j in Egipte af tot by Lebo-

^g**13:1 aanvoerders:** In Hebreeus *sar*. Dit verwys gewoonlik na die eerste verteenwoordiger van die koning as bevelvoerder oor die weermag, of administrasie; dit kan ook verwys na 'n gesagsfiguur in die tempel, of in stam- of familieverband.

^h**13:1 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

* **13:2** 1 Kor 15:3

* **13:2 as dit ... af kom:** Jak 4:15

* **13:3** 1 Sam 7:1-2; 1 Kron 15:13

ⁱ**13:3 daarvoor gesorg:** Kan ook vertaal word: “dit geraadpleeg”.

* **13:5** Jos 13:3; 1 Sam 6:21; 2 Sam 6:1

^j**13:5 Sigor:** Dit is die oostelike arm van die Nyldelta; vgl Jos 13:3; Jes 23:3.

Hamat, byeen laat kom om die ark van God uit Kirjat-Jearim te bring.

⁶ Dawid en die hele Israel het hierna opgetrek na Baäla,^{*} na Kirjat-Jearim wat in Juda geleë is, om van daar af die ark van God, die HERE wat troon op die •gerubs^k waaroor die Naam uitgeroep is, te bring.

⁷ *Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa van Abinadab se huis af vervoer, en Ussa en Agjo het die wa begelei. ⁸ *Dawid en die hele Israel was in algehele oorgawe uitbundig voor God, met liedere, liere,^l harpe,^m tamboeryne, simbale en trompette.

⁹ Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het Ussa sy hand uitgesteek om die ark vas te hou, want die osse het gestruikel.ⁿ ¹⁰ *Die HERE het kwaad geword vir Ussa. Hy het hom getref, omdat hy sy hand na die ark uitgesteek het. Hy het net daar voor God gesterf.

¹¹ *Dawid was ontsteld dat die HERE Ussa uitmekaar geslaan het, en hy het daardie plek Peres-Ussa^o genoem. Dit is die naam tot vandag toe.

¹² *Dawid het daardie dag bang geword vir God en gesê: “Hoe kan ek die

***13:6 Baäla:** Jos 15:9-10; 2 Sam 6:2

^k**13:6 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

***13:7** 1 Sam 6:7

***13:8** 1 Kron 15:16

^l**13:8 liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

^m**13:8 harpe:** Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

ⁿ**13:9 die osse ... gestruikel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Ander vertaalmoontlikhede is: “die osse wou dit laat val”, of “die osse het losgeruk”.

***13:10** Lev 10:2; Num 4:15; 2 Sam 6:7

***13:11** Eks 19:22,24

^o**13:11 Peres-Ussa:** Die naam beteken ‘uitmekaar slaan van Ussa’.

***13:12** 1 Kron 21:30

ark van God na my toe bring?”¹³ *Dawid het die ark toe nie na hom, na die stad van Dawid, laat afdraai nie, maar dit laat wegdraai na die huis van Obed-Edom, 'n man uit Gat.¹⁴ Die ark van God het drie maande lank by die huis van Obed-Edom, in sy huis, gebly, en die HERE het die huishouding van Obed-Edom en alles wat hy besit, geseën.

14

Dawid se voorspoed in Jerusalem

(2 Sam 5:11-16)

¹ *Hiram, die koning van Tirus, het boodskappers na Dawid gestuur, asook sederhout, messelaars en skrynwerkers om vir hom 'n paleis te bou. ² Dawid het besef dat die HERE hom as koning aangestel het oor Israel, want sy koningskap het hoë aansien geniet^p om sy volk Israel se onthalwe.

³ Dawid het in Jerusalem nog vroue geneem, en hy het nog seuns en dogters verwek. ⁴ *Hier is die name van die kinders wat in Jerusalem vir hom gebore is:

Sammua^q en Sobab, Natan en Salomo,

⁵ Jibgar, Elisua en Elpelet, ⁶ Noga, Nefeg en Jafia, ⁷ Elisama, Beëljada en Elifelet.

*13:13-14 1 Kron 26:4-5,15

*14:1-2 2 Sam 5:11-12; 1 Kon 5:1,6; 2 Kron 2:3

^p14:2 hoë ... geniet: Letterlik 'na bo gelig'.

*14:4-7 1 Kron 3:5-8

^q14:4 Sammua: Die naam word ook anders gespél; vgl die voetnoot in 1 Kron 3:5.

Veldslae teen die Filistyne

(2 Sam 5:17-25)

⁸ Die Filistyne het gehoor dat Dawid as koning gesalf is oor die hele Israel.* Al die Filistyne trek toe op om Dawid te soek. Dawid het dit gehoor en teen hulle uitgetrek. ⁹* Die Filistyne het die land^r binnegeval en in die vallei van Refaïm stelling ingeneem. ¹⁰ Toe vra Dawid vir God: “Moet ek teen die Filistyne optrek? Sal U hulle in my hand gee?” Die HERE het vir hom gesê: “Trek op! Ek gee hulle in jou hand.”

¹¹* Hulle het toe opgetrek na Baäl-Perasim, en daar het Dawid hulle verslaan. Dawid het gesê: “God het deur my hand my vyande deurbreek soos wat 'n watervloed deurbreek.” Daarom noem hulle daardie plek Baäl-Perasim.^s ¹² Die Filistyne het hulle gode daar agtergelaat. Dawid het die opdrag gee, en dit is verbrand.

¹³* Daarna het die Filistyne weer in die vallei stelling ingeneem. ¹⁴ Dawid het God weer geraadpleeg, en God het vir hom gesê: “Moenie agter hulle aan optrek nie. Draai van hulle af weg en oorval hulle voor die balsempopuliere.^t ¹⁵ Sodra jy die geluid van 'n opmars in die toppe van die balsempopuliere hoor, ruk op vir die geveg; want dan het God voor jou uit getrek om die leër van die Filistyne te verslaan.” ¹⁶ Dawid

* **14:8 dat Dawid ... Israel:** 1 Kron 11:3

* **14:9-10** 1 Sam 23:4; 2 Sam 23:13-14; 1 Kron 11:15-16

^r**14:9 die land:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **14:11-12** Deut 7:5,25; 2 Sam 5:20-21; 2 Kon 10:26; Jes 28:21

^s**14:11 Baäl-Perasim:** Die naam beteken ‘die Heer van deurbrekinge’.

* **14:13-16** Deut 20:4; 2 Sam 5:22-25; Jes 28:21

^t**14:14 balsempopuliere:** Daar is onsekerheid oor die identifikasie van die bome. Dit is bekend dat die blare van balsempopuliere, selfs in ligte wind, 'n harde geruis maak.

het gedoen wat God hom beveel het, en hulle het die leër van die Filistyne verslaan, van Gibeon af tot by Geser. ¹⁷ *Dawid se roem het uitgekring na al die lande, en die HERE het by al die nasies 'n vrees vir hom laat posvat.

15

Oorbring van die ark na Jerusalem

(2 Sam 6:12-23)

¹ *Dawid het vir hom huise opgerig in die stad van Dawid. Hy het vir die ark van God 'n plek gereedgemaak en 'n tent daarvoor opgeslaan.

² Toe sê Dawid: “Niemand mag die ark van God dra nie, behalwe die Leviete. Want dit is hulle wat deur die HERE uitgekies is om die ark van die HERE te dra en Hom vir altyd te dien.”

³ Dawid het toe die hele Israel in Jerusalem byeen laat kom om die ark van die HERE boontoe te neem na die plek wat hy daarvoor gereedgemaak het. ⁴ *Hy het die nageslag van Aäron en die Leviete byeengebring.

⁵ Vir die nageslag van Kehat was Uriël die voorganger; sy stamgenote was honderd-en-twintig man.

⁶ Vir die nageslag van Merari was Asaja die voorganger; sy stamgenote was tweehonderd-en-twintig man.

⁷ Vir die nageslag van Gersom was Joël die voorganger; sy stamgenote was honderd-en-dertig man.

⁸ Vir die nageslag van Elisafan was Semaja die voorganger; sy stamgenote was tweehonderd man.

*14:17 Deut 2:25; Jos 6:27; 1 Kron 17:8

*15:1-3 Num 1:50; Deut 10:8; 1 Kron 13:5-6; 16:1; 17:1-5

*15:4-10 Eks 6:18; 1 Kron 6:1-2,16,18,20,29; 23:20; 26:30-31; 2 Kron 29:13

⁹ Vir die nageslag van Hebron was Eliël die voorganger; sy stamgenote was tagtig man.

¹⁰ Vir die nageslag van Ussiël was Amminadab die voorganger; sy stamgenote was honderd-en-twaalf man.

¹¹ *Dawid het Sadok en Abjatar, die priesters, asook die Leviëte Uriël, Asaja, Joël, Semaja, Eliël en Amminadab ontbied ¹² en vir hulle gesê: “Julle is die familiehoofde van die Leviëte. Heilig julleself,^u julle en julle stamgenote, en neem die ark van die HERE, die God van Israel, boontoe, na die plek wat ek daarvoor gereedgemaak het, ¹³ want die eerste keer was dit nie julle wat dit gedoen het nie. Die HERE ons God het ons uitmekaar geslaan,* omdat ons Hom nie geraadpleeg het soos dit hoort nie.”

¹⁴ Die priesters en die Leviëte het hulleself toe geheilig om die ark van die HERE, die God van Israel, boontoe te neem. ¹⁵ Die Leviëte het toe die ark van God met die draaghoute op hulle skouers gedra, soos wat Moses in ooreenstemming met die woord van die HERE opdrag gegee het.

¹⁶ *Dawid het die voorgangers van die Leviëte aangesê om hulle stamgenote, die sangers, te laat aantree met musiekinstrumente, harpe,^v liere^w en simbale, en om, terwyl hulle speel, hulle stemme in vreugde te laat opklink. ¹⁷ *Die Leviëte het toe Heman, seun van Joël, laat aantree,

*15:11-15 Eks 19:14; 25:12-15; Num 4:6,15; 1 Sam 22:20; 2 Sam 6:3; 1 Kon 2:26,35; 1 Kron 13:7,11; 15:1-3; 16:39

^u15:12 Heilig julleself: Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

*15:13 uitmekaar geslaan: 1 Kron 13:11

*15:16 1 Kron 6:31-47; 15:19-21; 2 Kron 5:12

^v15:16 harpe: Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

^w15:16 liere: Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

*15:17-18 1 Kron 6:33,39,44; 25:1

en uit sy stamgenote Asaf, seun van Berekja, asook Etan, seun van Kusaja, uit die nageslag van Merari, hulle stamgenote;¹⁸ en saam met hulle was hulle stamgenote wat tweede in rang was, die poortwagte Sagaria, Ben, Jaäsiël, Semiramot, Jegiël, Unni, Eliab, Benaja, Maäseja, Mattitja, Elifele, Mikneja, Obed-Edom, en Jeïel.

¹⁹ *Die sangers Heman, Asaf en Etan moes die kopersimbale bespeel.

²⁰ Sagaria, Asiël, Semiramot, Jegiël, Unni, Eliab, Maäseja en Benaja moes op harpe volgens Alamoot^x speel,²¹ en Mattitja, Elifele, Mikneja, Obed-Edom, Jeïel, en Asasja, op liere, op die agtste snaar,^y om leiding te gee.

²² Kenanja was die voorganger van die Leviëte by die drawerk. Hy was die toesighouer by die drawerk, want hy het dit verstaan.

²³ Berekja en Elkana was deurwagte vir die ark. ²⁴ *Die priesters Sebanja, Josafat, Netanel, Amasai, Sagaria, Benaja en Eliëser het voor die ark van God op trompette geblaas. Obed-Edom en Jegija was ook deurwagte voor die ark.

²⁵ *Dit was Dawid, die oudstes^z van Israel, en die aanvoerders^a van duisend wat gegaan het om die verbondsark van die HERE met vreugde

***15:19-21** 1 Kron 15:16; 25:6

^x**15:20 Alamoot:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord *Alamoot*. Dit kan vertaal word: “meisies” en dui waarskynlik op die melodie waarop die lied gespeel is, of op 'n musikale styl; vgl Ps 46:1.

^y**15:21 agtste snaar:** In Hebreeus *Sjeminië*; dit beteken ‘agtste’ en is waarskynlik 'n musiekterm; vgl Ps 6:1; 12:1.

***15:24** 1 Kron 16:6; 2 Kron 5:12-13; 7:6

***15:25-29** Num 23:1-4; 2 Sam 6:12-16; 1 Kron 13:8,13; 15:3

^z**15:25 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^a**15:25 aanvoerders:** Gewoonlik die eerste verteenwoordiger van die koning, as bevelvoerder.

uit die huis van Obed-Edom te gaan haal. ²⁶ Terwyl God die Leviete wat die verbondsark van die HERE dra, gehelp het, het hulle sewe bulle en sewe ramme geoffer. ²⁷ Dawid was geklee in 'n bokleed^b van fyn linne, so ook al die Leviete wat die ark gedra het, die sangers, en Kenanja, die opsiener by die drawerk, en die sangers.^c Dawid het ook 'n efod^d van linne gedra. ²⁸ Die hele Israel was besig om die verbondsark van die HERE met uitroep en die klank van 'n ramshoring, trompette en simbale boontoe te neem, terwyl hulle op harpe en liere speel. ²⁹ Maar toe die verbondsark van die HERE by die stad van Dawid aankom, het Migal, die dogter van Saul, deur die venster afgekyk en koning Dawid sien huppel en dans. Sy het hom in haar hart verag.

16

Lofpsalm by die ark

(2 Sam 6:17-19)

¹ *Hulle het die ark van God ingeneem en dit neergesit in die middel van die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het. Daarna het hulle brandoffers en maaltydoffers voor God gebring. ² Toe Dawid die brandoffer en maaltydoffers klaar gebring het, het hy die volk in die Naam van die HERE geseën. ³ Hy het aan elke Israëliet, man en vrou, 'n ronde brood, 'n dadelkoek en 'n rosynekoek uitgedeel.

⁴ *Hy het van die Leviete wat voor die ark van die HERE moes diens

^b**15:27 bokleed:** Dit was 'n deel van die priester se kleredrag wat oor die efod gedra is; vgl Eks 28:4 en 31.

^c**15:27 die sangers:** Die herhaling van 'sangers' is waarskynlik 'n skryffout.

^d**15:27 efod:** Dit was 'n soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het; vgl Eks 28:4.

***16:1-3** Vgl 2 Sam 6:17-19; 1 Kon 8:14; 1 Kron 15:1,3

***16:4-6** 1 Kron 15:2,16; 16:41-42

doen, aangestel om die HERE, die God van Israel, te verheerlik, te loof en te prys. ⁵ Asaf was aan die hoof, en tweede in rang was Sagaria. Daarna volg Jeïel,^e Semiramot, Jegiël, Mattitja, Eliab, Benaja, Obed-Edom en Jeïel, met harpe^f en liere.^g Asaf het die simbale laat galm, ⁶ terwyl die priesters, Benaja en Jagasiël, deurentyd met die trompette voor die verbondsark van God was.

⁷ Op daardie dag, juis toe, het Dawid die eerste keer vir Asaf en sy stamgenote aangestel om die HERE soos volg te loof:

⁸ **Loof die HERE, roep sy Naam uit;

maak onder die volke sy dae bekend!

⁹ Sing vir Hom, speel vir Hom!

Vertel met oorgawe van al sy wonderwerke.

¹⁰ Beroem julle in sy heilige Naam;

laat die harte van hulle

wat die HERE opsoek, bly wees.

¹¹ *Soek die HERE en sy krag,

soek voortdurend sy teenwoordigheid op.

¹² *Roep die wonders wat Hy gedoen het

in herinnering,

sy tekens en die oordele van sy mond,

¹³ nageslag van Israel, sy dienskneg,

kinders van Jakob, sy uitverkorenes!

^e**16:5 Jeïel:** Die naam moet waarskynlik Jaäsiël wees; vgl 1 Kron 15:18.

^f**16:5 harpe:** Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

^g**16:5 liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

* **16:8-22** Ps 105:2-15

* **16:8** 1 Kon 8:43; 2 Kon 19:19; Jes 12:4

* **16:11** 1 Kron 16:10; Ps 24:6

* **16:12** Ps 78:43-68; 103:2

¹⁴ *Hy is die HERE ons God;
oor die hele wêreld geld sy oordele.

¹⁵ *Onthou vir altyd sy verbond,
die woord wat Hy beveel het
vir duisend geslagte,

¹⁶ wat Hy gesluit het met Abraham
en met 'n eed beloof het aan Isak.

¹⁷ Hy het dit aan Jakob bevestig
as 'n vaste reël,
aan Israel as 'n ewige verbond,
¹⁸ met die woorde: “Aan jou
sal Ek die land Kanaän gee
as julle afgemete erfdeel.”*

¹⁹ *Toe hulle^h nog min in getal was, baie min,
en •vreemdelingeⁱ in die land^j was,

²⁰ het hulle van een nasie na die ander geswerf,
van een koninkryk na 'n ander volk.

* **16:14** Jes 26:9

* **16:15-18** Gen 12:2,7; 15:18-21; 28:10-15; Ps 111:5; Luk 1:2-73

* **16:18 Aan ... erfdeel:** Gen 13:15

* **16:19-20** Deut 7:7; 26:5; Heb 11:9

^h**16:19 hulle:** 'n Hebreeuse ms, die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui: “julle”; vgl egter Ps 105:12.

ⁱ**16:19 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

^j**16:19 in die land:** Die bronteks lui: “in haar”.

²¹ *Hy het geen mens toegelaat
om hulle te verdruk nie.

Hy het konings oor hulle tereggewys:

²² “Moet aan my gesalvdes nie raak nie;
moet my profete geen kwaad aandoen nie.”

²³ *Sing vir die HERE, o ganse aarde!

Verkondig sy verlossing van dag tot dag!

²⁴ Maak onder die nasies sy majesteit bekend,
onder al die volke sy wonderdade.

²⁵ *Groot is die HERE en besonder lofwaardig;
Hy is gedug, meer as alle gode,

²⁶ want al die gode van die volke is nutteloos,
maar die HERE het die hemel gemaak.

²⁷ Luister en glans is in sy teenwoordigheid;
krag en heerlikheid is in sy heiligdom.

²⁸ *Erken die HERE, familiegroepe van volke;
erken die HERE, erken sy majesteit en krag;

²⁹ erken die HERE, die majesteit van sy Naam;
bring dankoffers en kom tot in sy teenwoordigheid!

Buig in aanbidding voor die HERE
in glansryke heiligheid!

³⁰ Krimp ineen, o ganse aarde, vanweë sy teenwoordigheid!

* **16:21-22** Gen 12:17; 20:3-7; Eks 7:15-18

* **16:23-33** Ps 96:1-13

* **16:25-26** Lev 19:4; Deut 32:39; Jer 10:11-12; 1 Kor 8:5-6

* **16:28-30** Ps 29:1-2; 93:1; 99:1; Op 19:6

Ja, die wêreld moet vasstaan, nie wankel nie.

³¹ *Die hemelruim moet bly wees,

en die aarde moet juig.

Laat hulle onder die volke sê:

“Die HERE regeer!”

³² *Die see en alles daarin moet dit uitbasuin;

³³ * dan sal alle bome in die bos

van vreugde uitroep voor die HERE,
want Hy kom om die aarde te oordeel.

³⁴ *Loof die HERE, want Hy is goed;

ja, vir ewig duur sy troue liefde.

³⁵ * Julle moet sê: “Red ons,

o God wat ons verlos,
en bring ons bymekaar!

Ja, red ons van die nasies,

sodat ons u heilige Naam kan loof,
sodat ons kan roem in u lof.”

³⁶ *Die HERE, die God van Israel,

moet geprys word* — van ewigheid af en vir ewig.

Die hele volk moet sê:

“•Amen!” en “Prys die HERE!”

*16:31 Jes 44:23; 49:13

*16:32 Ps 98:7-8

*16:33 Ps 96:13

*16:34 Ps 106:1; 107:1; 136:1

*16:35-36 Ps 106:47-48

*16:36 Ps 72:18; vgl Deut 27:15

*16:36 moet ... word: Luk 1:68

³⁷ *Dawid het Asaf en sy stamgenote daar voor die verbondsark van die HERE laat bly om deurentyd voor die ark diens te doen volgens die vereistes van elke dag. ³⁸ *Obed-Edom en sy agt-en-sestig stamgenote, asook Obed-Edom, seun van Jedutun, en Gosa was daar as deurwagte. ³⁹ *Die priester Sadok en sy medepriesters het hy voor die •tabernakel van die HERE op die offerhoogte wat in Gibeon is, agtergelaat ⁴⁰ om deurentyd, soggens en saans, vir die HERE brandoffers op die brandofferaltaar te bring, volgens alles wat voorgeskryf is in die wet van die HERE wat Hy Israel beveel het. ⁴¹ *Saam met hulle was Heman en Jedutun en die res van die uitgesoektes wat by die naam aangewys is om die HERE te loof met die woorde:^k “Vir ewig duur sy troue liefde!”* ⁴² By hulle, by Heman en Jedutun, was daar trompette en simbale vir die musikante, en instrumente vir die begeleiding van godsdienstige liedere. Die seuns van Jedutun was by die poort. ⁴³ *Daarna het die hele volk, elkeen, teruggegaan na sy huis. Dawid het teruggegaan om sy huisgesin te seën.

* **16:37** 1 Kron 16:4-5

* **16:38** 1 Kron 13:13-14; 15:24

* **16:39-40** Eks 27:1; 29:38-42; 1 Kon 3:4; 1 Kron 21:29

* **16:41-42** 1 Kron 6:33; 25:1-6; 2 Kron 5:13; 7:6; 20:21

^k**16:41 met die woorde:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **16:41 Vir ... troue liefde:** Vgl Ps 118:1-29; 136:1-26

* **16:43** 2 Sam 6:19-20

Belofte van God aan Dawid

(2 Sam 7:1-17)

¹ **Toe Dawid in sy huis gevestig was, het hy vir die profeet Natan gesê: “Kyk, ek woon in 'n huis van sederhout, maar die verbondsark van die HERE staan onder tentdoeke.” ² Daarop het Natan vir Dawid gesê: “Alles wat u in gedagte het, doen dit, want God is met u.”

³ Maar in daardie nag het dit gebeur — die woord van God het tot Natan gekom: ⁴ “*Gaan sê vir Dawid, my dienskneg, ‘So sê die HERE: “Dit is nie jy wat vir my 'n huis sal bou om in te woon nie. ⁵ *Ek het, vanaf die dag dat Ek Israel laat optrek het uit Egipte tot vandag toe, mos nie in 'n huis gewoon nie. Ek was van die een tent na die ander, van die een woonplek na die ander.¹ ⁶ Het Ek ooit, oral waar ek in die hele Israel rondgetrek het, met een van die rigters van Israel wat Ek aangestel het om na my volk om te sien, die saak aangeroen en gesê, ‘Waarom het julle nie vir My 'n huis van sederhout gebou nie?’ ⁷ *Daarom, so moet jy vir my dienskneg Dawid sê,

“ ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte:

“Ek is die Een wat jou uit die weiveld
agter die kleinvee weggeneem het

*17:1-14 Vgl Hand 7:45-47

*17:1 Hag 1:4

*17:4 1 Kron 22:7-8; 28:2-3

*17:5 Eks 40:2-3

¹17:5 een tent ... woonplek na die ander: Die •bronteks lui: “van tent na tent en van woonplek”.

*17:7 1 Sam 16:11-13

om 'n heerser^m te wees oor my volk Israel.

⁸ Ek was met jou oral waar jy gegaan het,
en Ek het al jou vyande voor jou uitgeroei.

Ek sal vir jou 'n naam maak

soos die naam van die grotes op aarde.

⁹ *Ek sal vir my volk, vir Israel, 'n plek aanwys;

Ek sal hom plant; hy sal op sy plek woon

en nie weer van angs beef nie.

Skurke sal hom nie meer verdruk soos vroeër nie,

¹⁰ soos van die tyd af dat Ek rigters aangestel het
oor my volk Israel.

Ek sal al jou vyande verneder.

Ek maak aan jou bekend dat die HERE

'n huisⁿ vir jou sal oprig.

¹¹ *Wanneer jou tyd aangebreek het^o

om na jou voorvaders te gaan,

sal Ek jou nakomeling ná jou,

een van jou eie seuns,

na vore laat tree,

en Ek sal sy koningskap bestendig.

¹² Hy is die een wat vir My 'n huis sal bou,

en Ek sal sy troon vir altyd vas laat staan.

^m**17:7 heerser:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

***17:9 Eks 15:17**

ⁿ**17:10 'n huis:** Dit verwys na 'n dinastie.

***17:11-12** 1 Kon 5:2-5; 8:17-20

^o**17:11 jou ... het:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “wanneer jou dae vol is”.

¹³ Ek sal vir hom 'n vader wees,
en hy sal vir My 'n seun wees.^p

My troue liefde sal Ek nie aan hom onttrek
soos wat Ek dit aan jou voorganger onttrek het nie.

¹⁴ *Ek sal hom vir altyd in my huis en koninkryk aanstel,
en sy troon sal altyd bestendig wees.” ’ ”

¹⁵ In ooreenstemming met al hierdie woorde en hierdie hele
onthulling, presies so het Natan die boodskap aan Dawid oorgedra.

Dawid se gebed

(2 Sam 7:18-29)

¹⁶ Koning Dawid het toe ingegaan en voor die HERE gaan sit. Hy het
gesê:

“Wie is ek, HERE God;
en wie is my huis
dat U my tot hier gebring het?

¹⁷ En asof dit nie genoeg is in u oë nie, o God,
het U oor die huis van u dienskneg gepraat
tot in die verre toekoms;

ja, U het my vorentoe gesien as 'n dinastie,^q HERE God.

¹⁸ Maar wat kan Dawid verder vir U sê
oor die eerbewys aan u dienskneg?
U self ken u dienskneg.

^p**17:13 Ek sal ... seun wees:** In Heb 1:5 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl 2 Sam 7:14-15; 1 Kron 22:10; 28:6; Ps 2:7; Matt 3:17; 2 Kor 6:18.

^{*}**17:14** Dan 7:27

^q**17:17 dinastie:** Letterlik “'n ry van mense”. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

¹⁹ *HERE, ter wille van u dienskneg,
en volgens u voorneme het U hierdie hele groot saak uitgevoer,
om so al die grootse daade bekend te maak.

²⁰ *HERE, daar is niemand soos U nie;
daar is geen God behalwe U nie,
ooreenkomstig alles wat ons met ons eie ore gehoor het.

²¹ *En wie is soos u volk Israel —
die enigste nasie op aarde
van wie dit geld dat God gegaan het
om hulle vir Homself vry te koop as 'n volk,
en om vir U naam te maak
deur grootse en wonderlike daade,
om nasies te verdryf voor u volk
wat U uit Egipte vrygekoop het?

²² *U het u volk Israel vir U as 'n volk bestem vir altyd,
en U, HERE, het hulle God geword.

²³ *Daarom HERE, die belofte wat U gemaak het
oor u dienskneg en sy huis,
laat dit altyd vasstaan.

Doen wat U beloof het,

²⁴ * sodat dit sal vasstaan,
en u Naam vir ewig groot sal wees,
en daar gesê sal word,

*17:19 Jes 37:35

*17:20 Jes 44:6; 46:9

*17:21 Deut 4:32-38

*17:22,25 Eks 6:7; 19:5-6

*17:23 1 Kon 8:25; 2 Kron 1:9

*17:24 Eks 3:13-15

‘die HERE, Heerser oor alle magte,
die God van Israel is God vir Israel,’
en sodat die koningshuis van u dienskneg Dawid
bestendig sal wees voor U.

²⁵ U, my God, het immers u dienskneg laat hoor^f
dat U vir hom 'n koningshuis sal bou;
daarom het u dienskneg dit moontlik gevind
om voor U te bid.

²⁶ En nou, HERE, U is God;
U het hierdie goeie woord oor u dienaar uitgespreek.

²⁷ U het nou besluit om die huis van u dienskneg te seën
om vir altyd voor U te bestaan.

Omdat U, HERE, dit geseën het,
is dit vir altyd geseën.”

18

Dawid se magsgebied

(2 Sam 8:1-18)

¹ *'n Tyd daarna het Dawid die Filistyne verslaan en hulle verneder. Hy het Gat en die omliggende dorpie van die Filistyne afgeneem. ² Hy het die Moabiete verslaan. Die Moabiete het Dawid se onderdane geword en moes belasting betaal.

³ Dawid het Hadad-Eser, die koning van Soba, by Hamat verslaan toe

^f**17:25 laat hoor:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “die oor van u dienskneg ontbloot”.

***18:1** 1 Sam 7:14; 2 Kron 11:8

hy gegaan het om sy mag aan die Eufraatrivier^s te vestig.^t ⁴ Dawid het van hom 'n duisend trekperde, seweduisend van die strydwabemanning en twintigduisend voetsoldate^u gevange geneem. Dawid het al die trekperde se hakskeenseninge afgekap; hy het net honderd van die trekperde laat oorbly. ⁵ Toe die Arameërs van Damaskus vir Hadad-Eser, die koning van Soba, te hulp kom, het Dawid twee-en-twintigduisend man^v uit Aram neergevel. ⁶ Dawid het by die Arameërs van Damaskus garnisoene^w geplaas. Die Arameërs het Dawid se onderdane geword en moes belasting betaal. Die HERE het Dawid te hulp gekom oral waar hy gegaan het.*

⁷ Dawid het die rondeskilde van goud wat die dienaars van Hadad-Eser by hulle gehad het, gevat en dit na Jerusalem gebring. ⁸ *Uit Tibgat^x en Kun, stede van Hadad-Eser, het Dawid besonder baie brons gevat. Daarmee het Salomo die bronssee, die pilare en die bronsgereedskap gemaak.

⁹ Toe Toï, die koning van Hamat, hoor dat Dawid die hele leër van Hadad-Eser, die koning van Soba, verslaan het, ¹⁰ het hy sy seun Hadoram na koning Dawid gestuur om te vra hoe dit met hom gaan en om hom geluk te wens omdat hy teen Hadad-Eser oorlog gemaak en

^s**18:3 Eufraatrivier:** In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^t**18:3 om ... vestig:** Letterlik 'om sy hand/monument te laat staan'. Kan ook vertaal word: "om sy monument ... op te rig".

^u**18:4 20 000 voetsoldate:** Kan ook vertaal word: "twintig afdelings voetsoldate".

^v**18:5 22 000 man:** Kan ook vertaal word: "twee-en-twintig afdelings manne".

^w**18:6 garnisoene:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar kom in die vroeë vertalings voor; vgl 2 Sam 8:6.

***18:6 Die HERE ... gegaan het:** 1 Sam 18:14; 1 Kron 18:13

***18:8** 1 Kon 7:15-26,40-47; 2 Kron 4:12,15-16

^x**18:8 Tibgat:** In 2 Sam 8:8 is die naam Betag.

hom verslaan het, want Hadad-Eser was altyd in gevegte gewikkel met Toi. Hadoram het voorwerpe van silwer, goud en brons saamgebring.^y

¹¹ Ook dit het koning Dawid aan die HERE gewy, saam met die silwer en goud wat hy by al die nasies gevat het — by die Edomiete, die Moabiete, die Ammoniete, die Filistyne en die Amalekiete.

¹² Abisai, seun van Seruja, het die Edomiete in die Soutvallei verslaan, agtienduisend^z van hulle. ¹³ Hy het in Edom garnisoene geplaas en al die Edomiete het onderdane van Dawid geword. Die HERE het Dawid die oorwinning gegee oral waar hy gegaan het.*

¹⁴ *Dawid het oor die hele Israel regeer, en hy het steeds vir sy hele volk gedoen wat reg en billik is. ¹⁵ Joab, seun van Seruja, was in bevel van die leër, en Josafat, seun van Agilud, was die herout.^a ¹⁶ Sadok, seun van Agitub, en Abimelek, seun van Abjatar, was priesters; Sausa was sekretaris, ¹⁷ en Benaja, seun van Jojada, was in bevel van die Kreti en Pleti.^b Dawid se seuns was die belangrikste persone aan die koning se sy.

19

Oorloë teen die Ammoniete en Arameërs

(2 Sam 10:1-19)

¹ 'n Tyd daarna het Nagas, die koning van die Ammoniete, gesterf, en

^y**18:10 saamgebring:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^z**18:12 18 000:** Kan ook vertaal word: “agttien afdelings”.

^{*}**18:13 Die HERE ... gegaan het:** Vgl 1 Kron 18:6

^{*}**18:14-17** 2 Sam 8:15-18; 20:23-26; 1 Kon 4:2-4

^a**18:15 herout:** Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

^b**18:17 Kreti en Pleti:** Waarskynlik huursoldate wat deel was van Dawid se private leër. Die Kreti het vermoedelik van Kreta gekom, en die Pleti was vermoedelik Filistynse soldate.

sy seun het in sy plek koning geword. ² Dawid sê toe: “Ek wil welwillendheid betoon teenoor Ganun, seun van Nagas, omdat sy pa teenoor my welwillendheid betoon het.” Dawid stuur toe boodskappers om met hom meegevoel te betuig oor sy pa. Toe Dawid se amptenare in die land van die Ammoniete kom om met Ganun meegevoel te betuig, ³ sê die hoë amptenare^c van die Ammoniete vir Ganun: “Eer Dawid u vader, volgens u mening, omdat hy mense na u stuur wat simpatie betuig? Is dit nie met die doel om inligting in te win en omver te werp nie? Sy amptenare het net na u gekom om die land te verken.^d”

⁴ *Ganun het toe Dawid se amptenare gevat en hulle kaal geskeer. Hy het hulle klere in die helfte afgesny, tot by die sitvlak, en hulle toe weggestuur. ⁵ Nadat hulle vertrek het en daar aan Dawid berig gebring is oor die manne, het hy mense gestuur om hulle te ontmoet, want die manne was verskriklik verneder. Die koning het gesê: “Bly in Jerigo totdat julle baarde gegroei het, en kom dan terug.”

⁶ *Toe die Ammoniete besef dat hulle hulleself veragtelik gemaak^e het by Dawid, het Ganun en die Ammoniete 'n duisend kikar^f silwer gestuur om vir hulle strydwaens en spanne perde^g te huur in Aram-Naharajim,^h en by

^c**19:3 hoë amptenare:** Dit dui die belangrikste verteenwoordigers van die koning aan.

^d**19:3 Is ... verken:** Die •Masoretiese leestradisie lui: “Is dit nie met die doel om inligting in te win, omver te werp en die land te verken (dat) sy amptenare na u gekom het nie?”

***19:4** Jes 7:20; 20:4

***19:6** 1 Kron 18:3,5,9; 19:16

^e**19:6 veragtelik gemaak:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “hulleself stink gemaak”.

^f**19:6 1 000 kikar:** Ongeveer 34 200 kg; •Geldeenhede.

^g**19:6 spanne perde:** Kan ook vertaal word: “strydwabemanning”.

^h**19:6 Aram-Naharajim:** Letterlik ‘Aram van die twee riviere’. Dit verwys na Noordwes-Mesopotamië.

die Arameërs van Maäkaⁱ en Soba. ⁷ Hulle het vir hulle twee-en-dertigduisend^j strydwaens, asook die koning van Maäka en sy manskappe, gehuur. Hulle het gekom en voor Medeba kamp opgeslaan. Ook die Ammoniete het uit hulle dorpe byeengekom en gekom om te veg.

⁸ Toe Dawid dit hoor, het hy Joab met 'n hele leer heldhaftiges uitgestuur. ⁹ Die Ammoniete het uitgetrek en hulle gevegslinies by die ingang na die stad opgestel. Die konings wat gekom het, was egter op hulle eie in die veld. ¹⁰ Toe Joab sien dat daar 'n gevegslinie voor en agter hom is, het hy 'n keuse gemaak uit al die keurtroepe in Israel en hulle teenoor die Arameërs opgestel. ¹¹ Die res van die manskappe het hy geplaas onder bevel van Abisai, sy broer, en hulle teenoor die Ammoniete opgestel. ¹² Hy het gesê: “As die Arameërs vir my te sterk word, moet jy my te hulp kom, en as die Ammoniete vir jou te sterk word, sal ek jou help. ¹³ *Wees vasberade, en laat ons dapper wees ter wille van ons mense en die dorpe van ons God. En die HERE — wat goed is in sy oë, sal Hy doen.”

¹⁴ Toe het Joab en die manskappe by hom nadergegaan vir die geveg teen die Arameërs, maar hulle het voor hom uit gevlug. ¹⁵ Die Ammoniete het gesien dat die Arameërs vlug. Toe het ook hulle voor sy broer Abisai uit gevlug en die stad binnegegaan. Joab het toe maar na Jerusalem gegaan.

¹⁶ *Toe die Arameërs sien dat hulle deur Israel verslaan is, het hulle

ⁱ**19:6 Maäka:** 'n Klein Aramese staatjie oos van die see van Galilea en die bloop van die Jordaan.

^j**19:7 32 000:** Kan ook vertaal word: “twee-en-dertig afdelings”.

***19:13** Jos 1:6

***19:16** Vgl 1 Kron 19:6

boodskappers uitgestuur en die Arameërs wat anderkant die Rivier^k was, laat optrek. Sofak,^{*} die leëraanvoerder van Hadad-Eser, was op die voerpunt. ¹⁷ Toe Dawid die berig kry, het hy die hele Israel byeengebring, die Jordaan oorgesteek, by die Arameërs^l aangekom, en gevegslinies teen hulle opgestel. Dawid het die linies teenoor die Arameërs opgestel vir die geveg, en hulle het tot die stryd teen hom toegetree. ¹⁸ Maar die Arameërs het op die vlug geslaan voor Israel. Dawid het van die Arameërs seweduisend trekperde en veertigduisend^m van die voetsoldate doodgemaak. Sofak, die aanvoerder van die leer, het hy ook doodgemaak. ¹⁹ Die dienaars van Hadad-Eser het gesien dat hulle deur Israel verslaan is, en het met Dawid vrede gesluit en sy dienaars geword. Die Arameërs was nie gewillig om weer die Ammoniete te help nie.

20

¹ *Teen die jaarwending,ⁿ wanneer die konings op veldtogte uittrek, het Joab die leërmag gelei en die land van die Ammoniete verwoes. Hy het die land binnegedring en Rabba beleër. Dawid het egter in Jerusalem agtergebly. Joab het Rabba verslaan en dit afgebreek, ² en Dawid het hulle koning se kroon van sy kop afgehaal en gevind dat die gewig daarvan 'n kikar^o goud was, en dat daar edelstene in was. Dit is

^k**19:16 Rivier:** Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^{*}**19:16 Sofak:** 2 Sam 10:16

^l**19:17 die Arameërs:** Die bronteks lui: “hulle”.

^m**19:18 40 000:** Kan ook vertaal word: “veertig afdelings”.

^{*}**20:1-3** 2 Sam 11:1 — 12:31

ⁿ**20:1 jaarwending:** Dit verwys na die begin van die lente. Die graanoeste was dan pas ingesamel en kosvoorrade was beskikbaar vir 'n groot leer.

^o**20:2 'n kikar:** Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

op Dawid se kop geplaas. Die buit van die stad wat hy weggevoer het, was besonder groot, ³ en die mense wat daarin was, het hy uitgebring, en dit^p met klipsae, ysterpikke en ysterbyle opgesny. So het Dawid telkens met al die stede van die Ammoniete gemaak. Toe het Dawid en al die manskappe na Jerusalem teruggekeer.

⁴ *'n Tyd daarna het daar in Geser 'n geveg uitbreek met die Filistyne. Dit was toe dat Sibbekai uit Gusa vir Sippai, uit die nageslag van Rafa, verslaan het; en so is die Filistyne op hulle knieë gedwing.

⁵ * Daar was nog 'n geveg met die Filistyne. Elganan, seun van Jaïr, het Lagmi, die broer van Goliat, uit Gat, verslaan. Die skag van sy vegspies was soos die dwarsbalk van 'n weefraam. ⁶ Toe was daar weer 'n geveg in Gat. Daar was 'n lang man met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet — vier-en-twintig^q altesaam. Ook hy het van Rafa afgestam. ⁷ Hy het Israel uitgetart, maar Jonatan, 'n seun van Simea, die broer van Dawid, het hom neergevel. ⁸ Dit was afstammeling van Rafa in Gat, maar hulle het gesnuwel deur die hand van Dawid en sy dienaars.

21

Opname van die weerbare manne

¹ ** Satan het teen Israel opgestaan en Dawid opgesteek om Israel te tel.

^p**20:3 dit:** Daar bestaan onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks; vgl Sam 12:31.

***20:4-8** 2 Sam 21:18-22

***20:5** 1 Sam 17:4,7; 2 Sam 21:19; 1 Kron 11:23

^q**20:6 met 6 ... 24:** Die bronteks lui: “en sy vingers — ses en ses, vier-en-twintig”.

***21:1-27** 2 Sam 24:1-25

***21:1** Job 1:6-9,12; 2:1-4,6,7; Sag 3:1-2; Matt 4:10; Luk 10:18; 1 Kor 7:5

²* Dawid sê toe vir Joab en die aanvoerders van die manskappe: “Gaan tel die Israëliete van Berseba tot by Dan,^r en bring vir my die uitslag, sodat ek kan weet wat hulle getal is.”

³* Maar Joab het geantwoord: “Mag die HERE by sy manskappe nog 'n honderd maal soveel voeg as wat hulle is! My heer die koning, is hulle nie almal my heer se onderdane nie? Waarom versoek my heer dit? Waarom moet dit vir Israel 'n skuld las word?”

⁴ Die koning se woord het egter meer gewig gedra as dié van Joab, en Joab het uitgegaan, deur die hele Israel getrek en weer in Jerusalem aangekom. ⁵ Joab het die getal van die opname van manskappe aan Dawid gegee.^s Die hele Israel was eenmiljoen eenhonderdduisend man, gewapen met swaarde, en Juda was vierhonderd-en-sewentigduisend man, gewapen met swaarde. ⁶* Van Levi en Benjamin het hy nie 'n opname gemaak saam met hulle nie, want die koning se opdrag het by Joab weersin gewek.

⁷* Hierdie saak was verkeerd in die oë van God, en Hy het Israel getref.

⁸* Toe sê Dawid vir God: “Ek het ernstig gesondig met hierdie daad wat ek gedoen het. Skeld nou asseblief die sondeskuld van u dienskneg kwyt, want ek het baie dwaas opgetree.”

⁹* Die HERE het vir Gad, die siener* van Dawid, gesê: ¹⁰ “Gaan sê vir

***21:2** 1 Kron 27:23-24

^r**21:2 Berseba ... Dan:** Die mees suidelike en noordelike dorpe van Israel. Die uitdrukking beteken ‘die hele gebied van Israel’.

***21:3** Eks 30:12; Deut 1:11

^s**21:5 gegee:** Die getalle is waarskynlik op perkamentrolle geskryf.

***21:6** Num 1:49; 1 Kron 27:24

***21:7** 1 Kron 21:14

***21:8** 2 Sam 12:13; 24:10

***21:9-13** 2 Sam 12:1-4; 24:11-14

***21:9 Gad, die siener:** 1 Sam 22:5; 2 Sam 24:11,18-19; 1 Kron 29:29; 2 Kron 29:25

Dawid, ‘So sê die HERE: “Drie moontlikhede lê Ek aan jou voor; kies vir jou een daarvan, sodat Ek dit aan jou kan doen.” ’ ’ ”

¹¹ Toe Gad by Dawid kom, het hy vir hom gesê: “So sê die HERE: ‘Kies vir jou: ¹² *óf drie jaar lank hongersnood, óf drie maande lank weggevoer deur jou teenstanders terwyl die swaard van jou vyande jou inhaal, óf drie dae lank die swaard van die HERE en pessiekte in die land, terwyl die engel van die HERE^t deur die hele gebied van Israel verwoesting saai. Kyk dan nou watter antwoord ek moet terugneem na Hom wat my gestuur het.’ ”

¹³ *Toe sê Dawid vir Gad: “Ek is baie benoud. Laat my asseblief in die hand van die HERE val, want groot is sy ontferming. Maar laat my nie in die hande van mense val nie.”

¹⁴ *Die HERE het toe 'n pessiekte in Israel beskik, en sewentigduisend man uit Israel het geval. ¹⁵ *God het 'n engel na Jerusalem gestuur om dit te verwoes, maar toe hy besig was om verwoesting te saai, het die HERE dit gesien, en Hy was jammer oor die ramp. Hy het die engel wat besig was om verwoesting te saai, beveel: “Dit is nou genoeg, trek jou hand terug!” Die engel van die HERE het toe by die dorsvloer van Ornan,^u die Jebusiet, gestaan.

¹⁶ *Dawid het opgekyk en die engel van die HERE tussen die aarde en die hemel sien staan met sy ontblote swaard in sy hand, uitgestrek oor

*21:12 2 Sam 12:10

^t21:12 engel van die HERE: Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat bloot opdragte uitvoer of boodskappe oordra. Dit word ook vertaal: “die boodskapper van die HERE” (Rig 2:1).

*21:13 Ps 51:3; 130:4,7

*21:14-27 2 Sam 14:15-25

*21:15 2 Sam 12:13

^u21:15 Ornan: In 2 Sam 24 is die naam Arauna.

*21:16 Num 14:5; 22:31; Jos 5:13; 2 Sam 12:10

Jerusalem. Dawid en die oudstes^v het toe, bedek met rouklere, neergeval met hulle gesigte teen die grond. ¹⁷ *Dawid het vir God gesê: “Is dit nie ek wat 'n telling onder die manskappe gelas het nie? Ek is die een wat gesondig het en heeltemal verkeerd opgetree het. Maar hierdie kleinvee, wat het hulle gedoen? HERE my God, laat u hand asseblief teen my en my familie wees, maar nie teen u volk gerig as 'n plaag nie.”

¹⁸ *Die engel van die HERE het toe vir Gad gesê om vir Dawid te sê dat hy, Dawid, moet opgaan om vir die HERE 'n altaar op te rig op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet. ¹⁹ Dawid het toe, op grond van die woord van Gad wat hy in die Naam van die HERE gespreek het, opgegaan.

²⁰ Toe Ornan omdraai, sien hy die engel. Sy vier seuns wat by hom was, het weggekruip, maar Ornan het aangehou koring dors. ²¹ Dawid het tot by Ornan gekom, en toe Ornan goed kyk, sien hy dit is Dawid. Hy het van die dorsvloer afgekrom en voor Dawid met sy gesig na die grond gebuig.

²² Daarop sê Dawid vir Ornan: “Gee asseblief vir my die plek met die dorsvloer; ek wil 'n altaar vir die HERE daarop bou. Teen die volle bedrag geld moet jy dit vir my gee, sodat die plaag van die manskappe afgewend kan word.” ²³ Ornan het Dawid geantwoord: “Neem dit vir u. My heer die koning kan daarmee doen wat goed is in u oë. Kyk, ek gee die beste vir die brandoffers, die dorssleë vir die hout en die koring vir die •graanoffer. Dit alles gee ek.” ²⁴ Maar koning Dawid het Ornan geantwoord: “Nee! Want ek gaan dit beslis by jou koop teen die volle bedrag geld. Ek kan immers nie iets wat aan jou behoort, vir die HERE

^v21:16 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

*21:17 Jona 1:12

*21:18 2 Kron 3:1

neem nie, of 'n brandoffer bring sonder uitgawes nie.”

²⁵ Dawid het Ornan seshonderd sikkel^w goud gegee vir die plek. ²⁶ *Toe het Dawid daar 'n altaar vir die HERE gebou, en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hy het die HERE aangeroop, en die HERE het hom geantwoord met vuur uit die hemel op die brandofferaltaar. ²⁷ *Die HERE het die engel opdrag gegee, en hy het sy swaard weer in sy skede teruggesit.

Vorbereidings vir die bou van die tempel

²⁸ In daardie tyd, toe Dawid sien dat die HERE hom antwoord op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet, het hy daar geoffer. ²⁹ *Die •tabernakel van die HERE wat Moses in die woestyn^x gemaak het en die brandofferaltaar was in dié tyd op die offerhoogte by Gibeon, ³⁰ *maar Dawid kon nie voor daardie altaar^y verskyn om God te raadpleeg nie, want vrees vir die swaard van die engel van die HERE het hom oorval.

22

¹ *Dawid sê toe: “Dit moet die huis van die HERE God wees, en hierdie die altaar vir die brandoffers van Israel.”

^w**21:25 600 sikkel:** Ongeveer 7 kg; •Geldeenhede.

***21:26** Lev 9:24; Rig 6:21; 1 Kon 18:36-38; 2 Mak 2:10-12

***21:27** 2 Sam 12:10

***21:29** 1 Kon 3:4; 1 Kron 16:39; 2 Kron 1:3

^x**21:29 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***21:30** 1 Kron 13:12; Dan 8:17

^y**21:30 daardie altaar:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***22:1** 1 Kron 21:18-28; 22:19; 2 Kron 3:1

²*Dawid het toe mense aangesê om die vreemdelinge^z wat in die land Israel was, bymekaar te maak. Hy het hulle as klipkappers in diens geneem om gekapte klip gereed te kry vir die bou van die huis van God.

³Groot hoeveelhede yster vir die spykers van die poortdeure en vir die balkpenne,^a is deur Dawid voorsien, en soveel brons dat dit nie geweeg kon word nie, ⁴ ook sederhout wat nie bereken kon word nie. Die mense van Sidon en Tirus het immers 'n groot hoeveelheid sederhout aan Dawid gelever.

⁵Dawid het gesê: “My seun Salomo is nog jonk en onervare, en die huis wat vir die HERE gebou moet word, moet buitengewoon groot wees en in al die lande roem en eer verwerf; ek wil daarvoor voorbereidings tref.” Dawid het toe voor sy dood talle voorbereidings getref.

⁶Hy het sy seun Salomo ontbied en hom beveel om 'n huis vir die HERE, die God van Israel, te bou. ⁷*Dawid het vir Salomo gesê: “My seun, ek het my voorgeneem om vir die Naam van die HERE my God 'n huis te bou; ⁸ maar die woord van die HERE het tot my gekom en gesê, ‘Jy het te veel bloed vergiet en groot oorloë gevoer. Jy mag nie vir my Naam 'n huis bou nie, omdat jy so baie bloed voor My op die aarde vergiet het. ⁹ Kyk, 'n seun sal vir jou gebore word. Hy sal 'n rustige man wees, en Ek sal hom rus gee van al sy vyande aan alle kante. Ja,

*22:2-5 1 Kon 5:6,17-18; 9:20-21; 1 Kron 29:1-2; 2 Kron 2:17-18

^z22:2 **vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

^a22:3 **die balkpenne:** Letterlik ‘verbinders’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreuse woord. Dit was waarskynlik penne waarmee balke aanmekaar verbind is, en is van yster of hout gemaak; vgl 2 Kron 34:11.

*22:7-10 2 Sam 7:2-3; 12:24-25; 1 Kon 5:3-5; 8:16-21; 1 Kron 17:12-13; 2 Kron 6:7-9

Salomo^b sal sy naam wees, en Ek sal vrede en kalmte aan Israel skenk in sy dae. ¹⁰ *Hy is die een wat vir my Naam 'n huis sal bou; Hy sal vir My 'n seun wees, en Ek sal vir hom 'n vader wees. Ek sal die troon van sy koningskap oor Israel vir altyd bestendig.'

¹¹ “*Daarom, my seun, mag die HERE met jou wees, en mag jy sukses behaal en die huis van die HERE jou God bou soos Hy aangaande jou gesê het. ¹² Mag die HERE tog net vir jou insig en begrip gee om, wanneer Hy jou oor Israel aanstel, die wet van die HERE jou God na te kom; ¹³ slegs dan sal jy sukses behaal — as jy die vaste voorskrifte en bepalinge wat die HERE vir Moses aangaande Israel beveel het, noukeurig nakom. Wees vasberade en sterk! Moenie bang wees nie en moet jou nie laat afskrik nie! ¹⁴ *Kyk, deur my selfverloëning kon ek vir die huis van die HERE honderdduisend kikar^c goud en 'n miljoen kikar^d silwer voorsien, en brons en yster wat nie geweeg kan word nie, omdat dit so baie is. Hout en klip voorsien ek ook, maar jy moet nog daarby voeg. ¹⁵ *By jou is daar baie werksmense: klipkappers, vakmanne in klip- en houtwerk. Daar is manne wat oor alle vaardigheid in enige soort werk beskik ¹⁶ in verband met goud, silwer, brons en yster — 'n onberekenbare hoeveelheid. Maak gereed en doen die werk; en mag die HERE met jou wees!”

¹⁷ *Dawid het al die leiers van Israel soos volg opdrag gegee om sy seun

^b**22:9 Salomo:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam. Dit kan vertaal word: “sy vrede” of “sy voorspoed” of “sy ongeskondenheid”.

***22:10** 2 Sam 7:13-14; Heb 1:5

***22:11-13** Jos 1:6-9; 1 Kon 2:3-4; 3:9-12; 4:29

***22:14** 1 Kron 29:2-3,19

^c**22:14 100 000 kikar:** Ongeveer 3 420 ton; •Geldeenhede.

^d**22:14 1 000 000 kikar:** Ongeveer 34 200 ton.

***22:15-16** 1 Kron 22:2-3; vgl 1 Kon 5:13-18

***22:17-19** 1 Kon 8:20-21; 1 Kron 22:9; 23:25; 2 Kron 5:7

Salomo te help: ¹⁸ “Is die HERE julle God nie met julle nie? En het Hy julle nie aan alle kante rus gegee nie? Ja, Hy het die inwoners van die land in my hand gegee, en die land is aan die HERE en aan sy volk onderwerp. ¹⁹ Rig julle nou met hart en siel daarop om die HERE julle God te soek. Maak gereed en bou die heiligdom van die HERE God, sodat julle die verbondsark van die HERE en die heilige voorwerpe van God kan bring na die huis wat vir die Naam van die HERE gebou word.”

23

Dienswerk van die Leviete

¹ *Toe Dawid oud was, ná 'n lang lewe,^e het hy sy seun Salomo koning gemaak oor Israel. ² Hy het al die leiers van Israel, die priesters en die Leviete byeengebring. ³ *Die Leviete van dertig jaar en ouer is getel. Hulle getal — dit is van die manne wat kop vir kop getel is — was agt-en-dertigduisend. ⁴ “Van hierdie groep,” het Dawid gesê,^f “moet vier-en-twintigduisend toesig hou oor die werk aan die huis van die HERE; sesduisend is regsbeampes en regters; ⁵ vierduisend is poortwagte; en vierduisend moet aan die HERE lof bring met instrumente wat ek gemaak het vir lofprysing.”

⁶ *Dawid het hulle toe in afdelings ingedeel volgens die seuns van Levi: Gerson, Kehat en Merari.

*23:1 1 Kon 1:32-39; 1 Kron 28:5; 29:22

^e23:1 ná ... lewe: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “versadig met lewensjare”.

*23:3-5 Num 4:3,46-48; Deut 16:18-20; 1 Kron 26:29; 2 Kron 29:25-27; Esra 3:8-9; Eseg 44:11

^f23:4 groep ... gesê: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*23:6 1 Kron 6:1; 2 Kron 8:14

⁷ *Onder die afdeling van Gerson was dit Ladan en Simi.

⁸ Ladan se seuns was Jegiël, die hoof, Setam en Joël — drie.

⁹ Simi⁸ se seuns was Selomit, Gasiël en Haran — drie. Hulle was die familiehoofde van Ladan.

¹⁰ Simi se seuns was Jagat, Sisa^h, Jeüs, en Beria. Dit was die seuns van Simi — vier. ¹¹ Jagat was die familiehoof en Sisa die tweede, maar Jeüs en Beria het nie baie seuns gehad nie, en hulle het as 'n familie, as een diensgroep, opgetree.

¹² *Kehat se seuns was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël — vier.

¹³ Amram se seuns was Aäron en Moses.

Aäron is afgesonder, sodat hy die besonder heilige voorwerpe kon heilig,ⁱ voor die HERE offers kon verbrand, Hom kon dien, en altyd in sy Naam kon seën. Dit geld vir hom en sy nageslag vir altyd.

¹⁴ En Moses, die man van God, se nageslag is by die stam van Levi gereken. ¹⁵ Moses se seuns was Gersom en Eliëser.

¹⁶ Van Gersom se nageslag was Sebuël die familiehoof.

¹⁷ Van Eliëser se nageslag was Regabja die familiehoof. Eliëser het nie ander seuns gehad nie, maar die seuns van Regabja was besonder talryk.

¹⁸ Van Jishar se nageslag was Selomit die familiehoof.

¹⁹ Van Hebron se seuns was Jerija die familiehoof, Amarja die tweede,

***23:7-11** Eks 6:16; 1 Kron 6:17; 26:21-22

⁸**23:9 Simi:** Hierdie is vermoedelik 'n oorskryffout; vgl 1 Kron 23:10. Die naam moet waarskynlik Jegiël wees.

^h**23:10 Sisa:** Die bronteks lui: “Sina”; vgl egter 1 Kron 23:11.

***23:12-20** Eks 6:17,19; 18:3-4; 1 Kron 6:1-3,18

ⁱ**23:13 besonder ... heilig:** Dit verwys na voorwerpe in die •tabernakel; vgl Eks 29:37; 30:25-29.

Jagasiël die derde, en Jekamam die vierde.

²⁰ Van Ussiël se seuns was Miga die familiehoof en Jissija die tweede.

²¹ *Merari se seuns was Magli en Musi.

Magli se seuns was Eleasar en Kis. ²² Toe Eleasar gesterf het, het hy nie seuns gehad nie, net dogters. Die seuns van Kis, hulle stamgenote, het toe met hulle getrou.

²³ Musi se seuns was Magli, Eder en Jeremot — drie.

²⁴ *Dit was die seuns van Levi volgens hulle families met die familiehoofde, soos wat hulle kop vir kop ingeskryf is met die getal name — hulle wat die dienswerk vir die huis van die HERE moes doen, van twintig jaar en ouer. ²⁵ *Dawid het immers gesê: “Die HERE, die God van Israel, het vir sy volk rus gegee, en Hy vertoef vir altyd in Jerusalem;” ²⁶ en ook wat die Leviete betref: “Die tabernakel en al die toebehore vir sy diens moet nie meer gedra word nie.”

²⁷ Ja, in aansluiting by Dawid se laaste opdragte, moes hulle, wanneer die Leviete getel word, twintig jaar en ouer wees. ²⁸ *Hulle plek was immers langs die nageslag van Aäron vir dienswerk in die huis van die HERE, om te sorg vir die voorhowe en kamers, die reiniging van elke heilige voorwerp, as dienswerk in die huis van God, ²⁹ en vir die brood gerangskik in rye,^j die gesifte meel^k vir die •graanoffer, die ongesuurde platbrode, die bakplaat, die kniewerk,^l en vir alle inhoudsmate en

***23:21-23** Num 3:33; 1 Kron 6:19; 24:27-29

***23:24** 1 Kron 23:3-4; 2 Kron 31:17

***23:25-26** Num 4:15; 7:9; 1 Kron 15:2; 2 Kron 35:3

***23:28-32** Lev 2:4-7; Num 3:5-9; 28:3-8; 1 Kron 6:48; 9:28-32; Ps 134:1; Eseg 44:11

^j**23:29 brood ... rye:** Dit verwys na die •vertoonbrode; vgl Lev 24:5-9.

^k**23:29 gesifte meel:** Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

^l**23:29 kniewerk:** Die deeg is met olyfolie geknie; vgl Lev 6:14; 7:12.

afmetings;³⁰ en om elke oggend gereed te staan om die HERE te loof en te prys, sowel as in die aand;³¹ en om al die brandoffers vir die HERE te bring op die Sabbatte, op die nuwemaansfeeste en op die vaste aantal feestye, telkens voor die HERE, volgens die voorskrif daaroor.

³² So het hulle dan hulle verpligting by die Tent van Ontmoeting en by die heiligdom nagekom, asook hulle verpligting teenoor die nageslag van Aäron, hulle stamgenote, as dienswerk by die huis van die HERE.

24

Indeling van priesters en Leviëte

¹ *Die nageslag van Aäron het hulle eie afdelings gehad. Die seuns van Aäron was Nadab en Abihu, Eleasar en Itamar. ² Nadab en Abihu is voor hulle pa dood en het nie seuns gehad nie. Eleasar en Itamar het toe as priesters opgetree. ³ Dawid en Sadok, uit die nageslag van Eleasar, en Agimelek,* uit die nageslag van Itamar, het die nageslag van Aäron^m volgens hulle verantwoordelikhede in groepe ingedeel vir hulle dienswerk. ⁴ Toe dit blyk dat die nageslag van Eleasar, volgens die getal manne, meer was as die nageslag van Itamar, is hulle soos volg ingedeel:

vir die nageslag van Eleasar, sestien hoofde vir die families,
vir die nageslag van Itamar, agt hoofde vir die families.

⁵ *Hulle is groep vir groepⁿ deur loting ingedeel, want onder die nageslag van Eleasar, sowel as die nageslag van Itamar, was daar

*24:1-2 Eks 6:23; Lev 10:1-5; Num 3:2

*24:3 Agimelek: 2 Sam 8:17; 1 Kron 24:6,31; vgl 2 Sam 15:35

^m24:3 nageslag van Aäron: Die bronteks lui: “hulle”.

*24:5-6 1 Kron 24:30-31; 25:8

ⁿ24:5 groep vir groep: Die bronteks lui: “hulle saam met hulle”.

persone wat hoë ampte beklee het in die heiligdom en voor God.^o

⁶ Semaja, seun van Netanel, die sekretaris onder die Leviete, het hulle opgeskryf in die teenwoordigheid van die koning en die hoë amptenare^p en van Sadok, die priester, en Agimelek, seun van Abjatar, asook die familiehoofde van die priesters en die Leviete: een familie deur die lot aangewys vir Eleasar en een aangewys^q vir Itamar.

⁷ Die eerste lot het op Jojarib geval, die tweede op Jedaja,

⁸ die derde op Garim, die vierde op Seorim,

⁹ die vyfde op Malkija, die sesde op Mijamin,

¹⁰ die sewende op Hakkos, die agtste op Abia,^{*}

¹¹ die negende op Jesua, die tiende op Sekanja,

¹² die elfde op Eljasib, die twaalfde op Jakim,

¹³ die dertiende op Guppa, die veertiende op Jesebab,

¹⁴ die vyftiende op Bilga, die sestiende op Immer,

¹⁵ die sewentiende op Gesir, die agtiende op Hapisses,

¹⁶ die negentiende op Petagja, die twintigste op Esegiël,

¹⁷ die een-en-twintigste op Jakin, die twee-en-twintigste op Gamul,

¹⁸ die drie-en-twintigste op Delaja, die vier-en-twintigste op Maäsja.

¹⁹ *Hierdie groep se verantwoordelikheid, in ooreenstemming met hulle dienswerk, was om in die huis van die HERE in te gaan volgens die voorskrif aan hulle, by monde van Aäron, hulle voorvader, soos die

^o**24:5 persone ... God:** Die bronteks lui: “gesaghebbers van (die) heiligdom en gesaghebbers van God”.

^p**24:6 hoë amptenare:** Dit dui die belangrikste verteenwoordigers van die koning aan.

^q**24:6 een aangewys:** Verskillende Hebreuse mss en vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui: “aangewys, aangewys”.

^{*}**24:10 Abia:** Luk 1:5

^{*}**24:19** 1 Kron 6:32; 9:25

HERE, die God van Israel, hom beveel het.

²⁰ *Wat die oorblywende Leviete betref:

Die nageslag van Amram was Subael,
en die nageslag van Subael was Jegdeja.

²¹ Wat Regabja betref, die nageslag van Regabja was Jissija, die hoof.

²² Wat die groep van Jishar betref, was dit Selomit, en die nageslag van
Selomit was Jagat.

²³ Die nageslag^r van Hebron^s was Jerija, Amarja die tweede, Jagasiël
die derde en Jekamam die vierde.

²⁴ Die nageslag van Ussiël was Miga, en die nageslag van Miga was
Samir;

²⁵ Miga se broer was Jissija, en die nageslag van Jissija was Sagaria.

²⁶ Die nageslag van Merari was Magli, Musi, en die nageslag van sy seun
Jaäsija.

²⁷ Die nageslag van Merari deur sy seun Jaäsija was Soham, Sakkur en
Ibri.

²⁸ Vir Magli was daar Eleasar, maar hy het nie seuns gehad nie; ²⁹ ook
Kis, en die nageslag van Kis was Jeragmeël.

³⁰ *Die nageslag van Musi was Magli, Eder en Jerimot.

Dit was die nageslag van die Leviete volgens hulle families. ³¹ Ook hulle
het die lot gewerp, op dieselfde wyse as hulle stamgenote, die nageslag

*24:20-30 1 Kron 23:16-23

^r24:23 Die nageslag: Die bronteks lui: “Benai”. Dit kan ook vertaal word: “My
seuns”.

^s24:23 van Hebron: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar kom
wel voor in enkele Hebreeuse mss en sommige mss van die •Septuagint; vgl 1 Kron
23:19.

*24:30-31 1 Kron 23:23-32

van Aäron, in die teenwoordigheid van koning Dawid, Sadok, Agimelek en die familiehoofde van die priesters en Leviëte. Die familie van die familiehoof is op dieselfde wyse behandel as dié van die jongste broer.

25

Musikante vir die tempeldiens

¹*Dawid en die leëraanvoerders het die nageslag van Asaf, Heman en Jedutun afgesonder vir dienswerk — hulle wat geesdriftig moes speel^t op liere,^u harpe^v en simbale. Die lys van die manne wat die taak moes uitvoer, in ooreenstemming met hulle dienswerk, was soos volg:

²*Vir die nageslag van Asaf was dit

Sakkur, Josef, Netanja en Asarela, die seuns van Asaf, onder leiding van Asaf, wat op aanwysing van die koning geesdriftig moes speel.

³*Vir Jedutun was dit

Jedutun se seuns Gedalja, Seri, Jesaja,^w Gasabja en Mattitja, — ses, onder leiding van hulle pa Jedutun, wat op die lier geesdriftig moes speel by die loof en prys van die HERE.

*25:1 1 Kron 6:16-33,39; 15:16-17,19; 16:37-41; Ps 92:2-4

^t25:1 wat ... speel: Kan ook vertaal word: “wat as profete moes optree”.

^u25:1 liere: Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

^v25:1 harpe: Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

*25:2 Esra 3:10; Neh 12:35

*25:3 1 Kron 16:41-42

^w25:3 Jesaja: In 'n Hebreëuse ms en mss van die •Septuagint volg die naam Simi ná Jesaja; vgl 1 Kron 25:17.

⁴*Vir Heman was dit

Heman se seuns Bukkija, Mattanja, Ussiël, Sebuel, Jerimot, Gananja, Ganani, Eliata, Giddalti, Romamti-Eser, Josbekasa, Malloti, Hotir en Magasiot. ⁵Hulle almal was seuns van Heman, die siener van die koning in goddelike sake;^x hulle het aan hom aansien gegee.^y God het vir Heman veertien seuns en drie dogters gegee.

⁶Al hierdie manne het onder leiding van hulle pa's, dit is Asaf, Jedutun en Heman, opgetree by die sang in die huis van die HERE, met simbale, harpe en liere vir die diens in die huis van God, op aanwysing van die koning. ⁷Hulle getal, saam met hulle stamgenote wat opgelei was in sang vir die HERE, elkeen wat bedrewe was, was tweehonderd agt-en-tagtig.

⁸*Hulle het die lot gewerp met die oog op diensbeurte; op dieselfde wyse vir jonk en oud, vir kenner en leerling.

⁹Die eerste lot vir Asaf het geval op Josef;

die tweede op Gedalja, hy en sy broers en seuns — twaalf;

¹⁰die derde op Sakkur, sy seuns en sy broers — twaalf;

¹¹die vierde op Jisri,^z sy seuns en sy broers — twaalf;

¹²die vyfde op Netanja, sy seuns en sy broers — twaalf;

¹³die sesde op Bukkija, sy seuns en sy broers — twaalf;

¹⁴die sewende op Jesarela,^a sy seuns en sy broers — twaalf;

*25:4-5 2 Kron 35:15

^x25:5 in ... sake: Die •bronteks kan ook vertaal word: “met woorde van God” of “met beloftes van God”.

^y25:5 hulle het ... gegee: Letterlik ‘om (sy) horing te verhoog’.

*25:8 1 Kron 24:5,31; 26:13

^z25:11 Jisri: “Seri” in 1 Kron 25:3.

^a25:14 Jesarela: “Asarela” in 1 Kron 25:2.

- ¹⁵ die agtste op Jesaja, sy seuns en sy broers — twaalf;
¹⁶ die negende op Mattanja, sy seuns en sy broers — twaalf;
¹⁷ die tiende op Simi, sy seuns en sy broers — twaalf;
¹⁸ die elfde op Asarel, sy seuns en sy broers — twaalf;
¹⁹ die twaalfde op Gasabja, sy seuns en sy broers — twaalf;
²⁰ die dertiende op Subael, sy seuns en sy broers — twaalf;
²¹ die veertiende op Mattitja, sy seuns en sy broers — twaalf;
²² die vyftiende op Jeremot, sy seuns en sy broers — twaalf;
²³ die sestiende op Gananja, sy seuns en sy broers — twaalf;
²⁴ die sewentiende op Josbekasa, sy seuns en sy broers — twaalf;
²⁵ die agtiende op Ganani, sy seuns en sy broers — twaalf;
²⁶ die negentiende op Malloti, sy seuns en sy broers — twaalf;
²⁷ die twintigste op Eliata, sy seuns en sy broers — twaalf;
²⁸ die een-en-twintigste op Hotir, sy seuns en sy broers — twaalf;
²⁹ die twee-en-twintigste op Giddalti, sy seuns en sy broers — twaalf;
³⁰ die drie-en-twintigste op Magasiot, sy seuns en sy broers — twaalf;
³¹ en die vier-en-twintigste op Romamti-Eser, sy seuns en sy broers — twaalf.

26

Poortwagte

¹ *Wat die afdelings van die poortwagte betref: Vir die Koragiete was dit Meselemja, seun van Kore, uit die nageslag van Asaf.

² Meselemja het die volgende seuns gehad:

Sagaria die eersgeborene, Jediael die tweede, Sebadja die derde, Jatniël die vierde, ³ Elam die vyfde, Joganan die sesde en Eljehoënai die sewende.

*26:1-19 1 Kron 9:17-27; 23:5; 2 Kron 8:14

⁴* Obed-Edom het die volgende seuns gehad:

Semaja die eersgeborene, Josabad die tweede, Joag die derde, Sakar die vierde, Netanel die vyfde, ⁵ Ammiël die sesde, Issaskar die sewende en Peülletai die agtste, want God het hom geseën.

⁶ Vir Semaja, sy seun, is die volgende seuns gebore — heersers van hulle familie omdat hulle dapper krygers was.

⁷ Semaja se seuns was Otni, Refael, Obed en Elsabad.

Sy familieledede Elihu en Semakja was onverskrokke.

⁸ Al hierdie manne het van Obed-Edom afgestam. Hulle, hulle seuns en hulle familieledede was bekwaam, met die vermoë om die taak te verrig — die twee-en-sestig van Obed-Edom.

⁹ Meselemja het onverskrokke seuns en familieledede gehad — agtien van hulle.

¹⁰ Gosa, uit die nageslag van Merari, het ook seuns gehad:

Simri was die hoof, al was hy nie die eersgeborene nie. Sy pa het hom egter as hoof aangestel. ¹¹ Gilkija was die tweede, Tebalja die derde en Sagaria die vierde.

Gosa se seuns en familieledede was altesaam dertien.

¹² Hierdie manne, die afdelings van die poortwagte, het op dieselfde wyse as hulle familieledede en ooreenkomstig die getal manne, die verantwoordelikheid gehad om in die huis van die HERE diens te doen.

¹³* Vir elke poort het hulle die lot gewerp volgens hulle families; op dieselfde wyse vir jonk en oud:

¹⁴* Aan die oostekant het die lot geval op Selemja.^b

Sagaria, sy seun, was 'n verstandige raadgewer. Hulle het die lot

*26:4 1 Kron 15:18,24; 16:38

*26:13 1 Kron 24:5,31

*26:14 1 Kron 9:18,21

^b26:14 Selemja: In 1 Kron 26:2,9 “Meselemja”.

gewerp, en dit het vir hom op die noordekant geval;

¹⁵ vir Obed-Edom was dit op die suidekant;

vir sy seuns by die voorraadkamers;

¹⁶ vir Suppim en Gosa was dit die westekant, saam met die

Salleketpoort by die pad teen die opdraande.

Afdeling vir afdeling was daar:

¹⁷ aan die oostekant ses Leviete;

aan die noordekant daagliks vier;

aan die suidekant daagliks vier;

by die voorraadkamers twee-twee;

¹⁸ en by die buitegeboue^c aan die westekant, vier by die pad en twee

by die buitegeboue.

¹⁹ Dit was dan die afdelings van die poortwagte van die familie van Korag en die familie van Merari.

Toesighouers en ander amptenare

²⁰ *Verder, wat die Leviete betref, hulle familieledede^d moes toesig hou oor die skatte van die huis van God. Vir die gewyde skatte ²¹ *was die nageslag van Ladan verantwoordelik, nakomelinge van Gerson deur Ladan. Die familiehoofde wat deur Ladan van Gerson afstam, Jegiël, ²² die seuns van Jegiël, Setam en sy broer Joël, moes toesig hou oor die skatte van die huis van die HERE.

^c**26:18 buitegeboue:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

***26:20** 1 Kon 7:51; 1 Kron 26:21-22,24; 28:12

^d**26:20 hulle familieledede:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks wat lui: “Agija”. Die •Septuagint lui: “hulle broers”, en word hier gedeeltelik gevolg.

***26:21-22** 1 Kron 23:8

²³ Wat die nakomelinge van Amram, Jishar, Hebron en Ussiël^e betref:
²⁴ *Subael, seun van Gersom, seun van Moses, was die leier^f wat moes toesig hou oor die skatte. ²⁵ Sy familieledede aan Eliëser se kant, was Eliëser se seun Regabja, sy seun Jesaja, sy seun Joram, sy seun Sikri, en sy seun Selomit. ²⁶ *Hierdie Selomit en sy familieledede moes toesig hou oor al die gewyde skatte wat koning Dawid en die familiehoofde, naamlik die aanvoerders van duisend en die aanvoerders van honderd, en die leëraanvoerders aan die HERE gewy het — ²⁷ as deel van die oorlogsbuit het hulle dit gewy vir die instandhouding van die huis van die HERE — ²⁸ *ook alles wat die siener Samuel, wat Saul, seun van Kis, Abner, seun van Ner, en wat Joab, seun van Seruja, gewy het. Alles wat gewy is, was onder beheer van Selomit en sy familieledede.

²⁹ *Wat die nakomelinge van Jishar betref: Kenanja en sy seuns het buite die tempel as regsbeamptes en regters oor Israel opgetree.

³⁰ *Wat die nakomelinge van Hebron betref: Gasabja en sy familieledede, 'n duisend sewehonderd onverskrokke manne, moes die administrasie van Israel in verband met al die werk van die HERE en die diens aan die koning behartig, van die Jordaan af weswaarts.

³¹ *Wat die nakomelinge van Hebron betref: Volgens die familiegeskiedenis van die voorouers, was Jerija die hoof van die

^e**26:23 nakomelinge ... Ussiël:** Word ook vertaal: “Amramiete, Jishariete, Hebroniete en Ussiëliete”.

^{*}**26:24** 1 Kron 23:15-17

^f**26:24 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

^{*}**26:26** 2 Sam 8:11; 1 Kron 18:7-11

^{*}**26:28** 1 Sam 9:9; 1 Kron 29:29

^{*}**26:29** 1 Kron 23:4; Neh 11:16

^{*}**26:30** 1 Kron 27:17; Neh 11:15-16

^{*}**26:31** 1 Kron 23:19

nakomelinge van Hebron. In die veertigste jaar van Dawid se regering is ondersoek ingestel, en daar is in Jaser in Gilead onder hulle dapper krygers gevind.³² Sy familieledede was tweeduisend sewehonderd onverskrokke familiehoofde. Koning Dawid het hulle laat toesig hou oor die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse in verband met enige saak aangaande God of die koning.

27

Leërafdelings van Israel

¹ *Die Israëliete volgens hulle getal, die familiehoofde, die aanvoerders van duisend en honderd, en hulle gesagvoerders, was in diens van die koning met betrekking tot elke saak van die leërafdelings wat maand vir maand aan diens of van diens af was, vir al die maande van die jaar. In elke afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.

² *Die eerste afdeling vir die eerste maand was onder beheer van Jasobam, seun van Sabdiël. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man. ³ Uit die nageslag van Peres was hy die hoof van al die aanvoerders van leërafdelings vir die eerste maand.

⁴ Die afdeling van die tweede maand was onder beheer van Dodai, die Agoagiet. Miklot was die leier⁸ van sy afdeling. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.

⁵ Die derde aanvoerder van die leër, vir die derde maand, was Benaja,^{*} seun van Jojada, die hoëpriester. In sy afdeling was daar vier-en-

*27:1 1 Kon 4:7

*27:2-15 Vgl 2 Sam 23:8-30; 1 Kron 11:11-31

⁸27:4 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

*27:5 Benaja: 1 Kron 11:22

- twintigduisend man. ⁶ Hierdie Benaja was 'n held onder die dertig,* en in beheer van die dertig. Sy seun Ammisabad was in bevel van sy afdeling.
- ⁷ Die vierde, vir die vierde maand, was Asael, die broer van Joab,* en ná hom was dit sy seun Sebadja. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ⁸ Die vyfde, vir die vyfde maand, was die aanvoerder Samhut, die Jisragiet. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ⁹ Die sesde, vir die sesde maand, was Ira, seun van Ikkes, die Tekoaiet. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ¹⁰ Die sewende, vir die sewende maand, was Geles, 'n Peloniet, uit die nageslag van Efraim. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ¹¹ Die agtste, vir die agtste maand, was Sibbekai, 'n Gusaiet, van die Seragiete. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ¹² Die negende, vir die negende maand, was Abiëser, 'n Anatotiet, van die Benjaminiete. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ¹³ Die tiende, vir die tiende maand, was Marai, 'n Netofaiet, van die Seragiete. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ¹⁴ Die elfde, vir die elfde maand, was Benaja, 'n Piratoniet, uit die nageslag van Efraim. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.
- ¹⁵ Die twaalfde, vir die twaalfde maand, was Geled, 'n Netofaiet, uit die Otniël-familie. In sy afdeling was daar vier-en-twintigduisend man.

*27:6 Benaja ... dertig: 2 Sam 23:13-23

*27:7 Joab: 2 Sam 2:18

Stamleiers

¹⁶ Persone in beheer van die stamme van Israel:

Vir die Rubeniete was die leier^h Eliëser, seun van Sikri;

vir die Simeoniete was dit Sefatja, seun van Maäka;

¹⁷ vir Levi was dit Gasabja, seun van Kemuel;

vir Aäron was dit Sadok;

¹⁸ vir Juda was dit Elihu, een van die broers van Dawid;

vir Issaskar was dit Omri, seun van Migael;

¹⁹ vir Sebulon was dit Jismaja, seun van Obadja;

vir Naftali was dit Jerimot, seun van Asriël;

²⁰ vir die nageslag van Efraim was dit Hosea, seun van Asasja;

vir die halwe stam van Manasse was dit Joël, seun van Pedaja;

²¹ vir die halwe stam van Manasse in Gilead was dit Jiddo, seun van Sagaria;

vir Benjamin was dit Jaäsiël, seun van Abner;

²² vir Dan was dit Asarel, seun van Jerogam.

Hulle was die aanvoerders van die stamme van Israel.

²³ *Dawid het die getal van dié wat twintig jaar en jonger was nie in 'n lysⁱ opgeneem nie, want die HERE het gesê dat Hy Israel so baie soos die sterre in die hemelruim sou maak. ²⁴ * Joab, seun van Seruja, het hulle begin tel, maar dit nie afgehandel nie. 'n Woede het Israel getref oor hierdie tellery, en die getal is toe nie opgeteken by die getal in die kronieke van koning Dawid nie.

^h**27:16 leier:** Vgl voetnoot in 1 Kron 27:4.

***27:23** Gen 15:5; Num 1:3; 1 Kron 23:24,27

ⁱ**27:23 in 'n lys:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***27:24** 2 Sam 24:1-15; 1 Kron 21:1-7

Dawid se opsigers en raadgewers

- ²⁵ Oor die voorrade van die koning het Asmawet, seun van Adiël, toesig gehou; en oor die voorrade op die platteland, in die dorpe, gehuggies en wagtorings het Jonatan, seun van Ussia, toesig gehou.
- ²⁶ Oor die werkers op die platteland wat die grond bewerk het, het Esri, seun van Kelub, toesig gehou.
- ²⁷ Oor die wingerde het Simi, die Ramaïet, toesig gehou, en oor die wynvoorrade in die wingerde het Sabdi, die Sefamiet, toesig gehou.
- ²⁸ Oor die olyfboorde en die wildevyebome in die Sjefela^j het Baäl-Ganan, die Gederiet, toesig gehou, en oor die olievoorrade, Joas.
- ²⁹ * Oor die grootvee wat in Saron gewei het, het Sitrai, die Saroniet, toesig gehou, en oor die grootvee in die valleie, Safat, seun van Adlai.
- ³⁰ Oor die kamele het Obil, die Ismaeliet, toesig gehou, en oor die donkies, Jegdeja, die Meronotiet.
- ³¹ Oor die kleinvee het Jasis, die Hagariet, toesig gehou.

Al hierdie manne was toesighouers oor die besittings wat aan koning Dawid behoort het.

³² * Jonatan, Dawid se oom, was 'n raadgewer, 'n man met insig, en 'n sekretaris. Jegiël, seun van Gakmoni, moes die koning se seuns bystaan, ³³ en Agitofel was die koning se raadgewer. Gusai, die Erekiet, was die Vriend van die koning.^k ³⁴ Ná Agitofel was dit Jojada, seun van Benaja,

^j**27:28 Sjefela:** Dit is die laerliggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

***27:29** 1 Kron 5:16

***27:32-34** 2 Sam 15:12,32-37; 16:16-19; 1 Kon 1:7; vgl 1 Kron 18:15-17

^k**27:33 Vriend ... koning:** 'n Eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

en Abjatar. Die koning se aanvoerder van die leër was Joab.

28

Opdragte vir die bou van die tempel

¹ *Dawid het al die leiers van Israel in Jerusalem byeengebring: die leiers van stamme, die leiers van die afdelings wat in diens van die koning was, die aanvoerders van duisend en die aanvoerders van honderd, die toesighouers oor al die besittings en vee van die koning en sy seuns, saam met die paleis personeel,¹ die helde* en al die dapper krygers.

² **Koning Dawid het regop^m gaan staan en gesê: “Luister na my, my broers en my volk! Ek het my voorgeneem om 'n rusplek vir die verbondsark van die HERE en vir die voetbank van die voete van ons God te bou. Ek het voorbereidings getref vir die bouwerk, ³ *maar God het vir my gesê, ‘Jy mag nie vir my Naam 'n huis bou nie, want jy is 'n man van oorlog en jy het bloed vergiet.’

⁴ “*Die HERE, die God van Israel, het my uit my hele familie gekies om vir altyd koning te wees oor Israel; want Juda het Hy as leierⁿ gekies, en

*28:1 1 Kron 23:2; 27:1-31

¹28:1 paleis personeel: Dit was belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

*28:1 helde: 1 Kron 11:10-47

*28:2-10 Vgl 1 Kron 22:7-16

*28:2 1 Kron 17:1-2

^m28:2 regop: Letterlik “op sy voete”.

*28:3 2 Sam 7:5,13; 1 Kon 5:3-5

*28:4 1 Sam 16:1-13; 1 Kron 11:1-3

ⁿ28:4 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

uit die huis van Juda my familie. Dit het Hom behaag om, onder my pa se seuns, juis vir my koning te maak oor die hele Israel. ⁵*En uit al my seuns — want die HERE het vir my baie seuns gegee* — het Hy my seun Salomo gekies om op die koninklike troon van die HERE oor Israel te sit. ⁶*Hy het vir my gesê, ‘Jou seun Salomo, hy is die een wat my huis en my voorhowe sal bou, want Ek het hom vir My as seun gekies, en Ek sal vir hom 'n vader wees. ⁷Ek sal sy heerskappy bestendig vir altyd, as hy vasberade is om my gebooie en my bepalings uit te voer, soos dit vandag is.’

⁸“*Nou, met die hele Israel, die geloofsgemeenskap van die HERE, as ooggetuies, en ten aanhore van ons God, gee ek opdrag,^o ‘Kom al die gebooie van die HERE julle God na, en streef dit na, sodat julle hierdie goeie land vir altyd as 'n besitting kan behou en kan nalaat vir julle kinders ná julle. ⁹*En jy, my seun Salomo, erken die God van jou vader, en dien Hom met 'n onverdeelde hart en 'n gewillige gemoed, want die HERE ondersoek alle harte, en in elke bedoeling van die gedagtes het Hy insig. As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind; maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verwerp. ¹⁰*Besef nou dat die HERE jou gekies het om 'n gebou as heiligdom op te rig. Wees vasberade en doen dit!’ ”

*28:5 1 Kon 3:7; 1 Kron 3:1-9

*28:5 want ... gegee: 2 Sam 3:2-5; 5:14-16

*28:6-7 2 Sam 7:13-14; 1 Kron 22:9-10,13

*28:8 Deut 17:14-20

^o28:8 gee ek opdrag: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*28:9 1 Kon 9:4; 1 Kron 29:19

*28:10 1 Kron 22:13

¹¹ **Dawid het toe vir sy seun Salomo 'n plan van die tempel se portaal, sy geboue, sy skatkamers, sy bovertrekke, sy binnevertrekke en die tuiste van die versoendeksel gegee —

¹² die plan van alles wat hy in gedagte gehad het^p
vir die voorhowe van die huis van die HERE,
vir al die kamers rondom,
vir die voorraadkamers van die huis van God,
vir die gewyde gawes se skatkamers;

¹³ die plan vir die afdelings van die priesters en Leviëte,
vir al die dienswerk in die huis van die HERE,
en vir al die gereedskap vir die diens in die huis van die HERE;

¹⁴ en vir die goud — die gewig van die goud vir al die gereedskap
wat nodig was vir die verskillende dienste;
en vir al die silwergereedskap volgens gewig vir al die gereedskap
wat nodig was vir die verskillende dienste;

¹⁵ en die gewig van die goue menoras en hulle goue lampe, met die
gewig van elke menora^q en sy lampe,
en vir die silwer menoras, met die gewig van 'n menora en sy
lampe ooreenkomstig die gebruik van elke menora,

¹⁶ saam met die goud — die gewig wat nodig was vir die
tafels met die gerangskikte brood,^r die gewig van elke tafel
en van die silwer vir die silwertafels;

*28:11-19 Eks 25:9,17-23,29,31-40; 30:1-10; vgl 1 Kron 22:6-10

*28:11 1 Kon 6:3,5; 2 Kron 3:3

^p28:12 alles ... gehad het: Letterlik 'alles wat in die gees met hom was'.

^q28:15 menora: Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die •tabernakel en later ook die tempel gestaan het.

^r28:16 gerangskikte brood: Dit verwys na die •vertoonbrode; vgl Lev 24:5-9.

¹⁷ en die vurke, offerbakke^s en bekere van suiwer goud;
en vir die goue bakke, met die gewig van elke bak, en die silwer
bakke, met die gewig van elke bak;
¹⁸ en die plan vir die reukofferaltaar van gesuiwerde goud, met sy
gewig;
dan ook nog die plan vir die wa^t — die goue gerubs^u wat hulle
vlerke^v uitsprei en die verbondsark van die HERE bedek.

¹⁹ “Dit alles, die volledige uitvoering van die plan, is op skrif uit die
hand van die HERE, wat oor my was,” het Dawid gesê.^w

²⁰ *Toe sê Dawid vir sy seun Salomo: “Wees vasberade en sterk en doen
die werk! Moenie bang wees nie, en moet jou nie laat afskrik nie, want
die HERE God, my God, is met jou. Hy sal jou nie in die steek laat of
verlaat, totdat al die werk vir die diens in die huis van die HERE
afgehandel is nie. ²¹ *Hier is die afdelings van die priesters en Leviëte,

^s**28:17 offerbakke:** Dit verwys na houers wat in die •tabernakel gebruik is vir
•drankoffers; vgl Eks 27:3.

^t**28:18 die wa:** Die bronteks kan ook vertaal word: “die strydwa”. Dit verwys na
die •gerubs op die •verbondsark waar God teenwoordig was. Die gebruik van die
woord ‘wa’ vir die gerubs op die verbondsark is waarskynlik onder invloed van die
visioene van Esegïël; vgl Eseg 10:3-20; 11:22.

^u**28:18 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat
tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die
gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee
gerubs wat die basis van God se troon vorm.

^v**28:18 hulle vlerke:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar
word veronderstel.

^w**28:19 het ... gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word
veronderstel.

***28:20** Deut 4:31; 31:6-7; Jos 1:5,9; Heb 13:5

***28:21** Eks 35:10,25-35; 36:1-2; 1 Kron 22:17-19; 23:2-5

gereed vir elke diens in die huis van God. En by jou, met die oog op elke taak, is daar verskillende vrywilligers met vaardigheid vir elke soort diens. Die leiers en die hele volk is gereed vir al jou opdragte.”

29

Skenkings vir die bou van die tempel

¹ *Koning Dawid het toe vir die hele geloofsgemeenskap gesê: “My seun Salomo, die een wat God uitgekies het, is nog jonk en onervare. Die taak is omvangryk, want dit is nie vir 'n mens wat die vesting bedoel is nie, maar vir die HERE God. ² Na my beste vermoë^x het ek vir die huis van my God voorsien: goud vir die goue, silwer vir die silwer-, brons vir die brons-, yster vir die ystervoorwerpe en hout vir die houtwerk; ook oniksstene en •edelstene as monterings, malagiet^y en veelkleurige stene, allerlei kosbare stene, en stene van albaster, in oorvloed. ³ *Buitendien, uit toegeneentheid teenoor die huis van my God het ek dit wat ek persoonlik besit aan goud en silwer, vir die huis van my God gegee, bo en behalwe alles wat ek vir die heilige tempel gereedgekry het: ⁴ drieduisend kikar^z goud, van die goud van Ofir, en seweduisend kikar^a gesuiwerde silwer vir die bedekking van die vertrekke se mure — ⁵ goud vir die goue voorwerpe en silwer vir die silwer voorwerpe, en vir al die werk deur die hand van vakmanne. Wie

*29:1-2 1 Kron 22:3-5,14; 29:19

^x29:2 Na ... vermoë: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “Volgens al my krag”.

^y29:2 malagiet: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord en dit word verskillend vertaal.

*29:3-5 Eks 35:5-6; 1 Kon 9:28; 1 Kron 22:14; 2 Kron 31:3

^z29:4 3 000 kikar: Ongeveer 102 600 kg; •Geldeenhede.

^a29:4 7 000 kikar: Ongeveer 239 400 kg.

is bereid om hom vandag so aan die HERE toe te wy?”

⁶ *Toe het die leiers van die families, die leiers van die stamme van Israel, die aanvoerders van duisend en van honderd en die toesighouers in diens van die koning, vrywillige gawes gegee. ⁷ *Hulle het vir die werk aan die huis van die HERE in goud vyfduisend kikar^b en tienduisend dariek^c gegee, in silwer tienduisend kikar,^d in brons agtienduisend kikar,^e en in yster honderdduisend kikar.^f ⁸ *Die wat edelstene in hulle besit gehad het, het dit gegee vir die skatkamer van die huis van die HERE, onder beheer van Jegiël, die Gersoniet. ⁹ *Die volk was verheug oor die gesaghebbers se^g bereidwilligheid, want hulle het dit van harte vrywillig vir die HERE gegee. Ook koning Dawid was besonder verheug.

¹⁰ *Daarop het Dawid die HERE ten aanskoue van die hele geloofsgemeenskap geprys. Dawid het gesê:

“U moet geprys word, HERE, God van ons vader Israel,
van altyd af en vir ewig.

¹¹ * Aan U, HERE, behoort die grootheid,

*29:6 Eks 35:20-35; 1 Kron 27:25-31; 2 Kron 24:10

*29:7 Esra 2:69; Neh 7:70-72

^b29:7 5 000 kikar: Ongeveer 171 000 kg.

^c29:7 10 000 dariek: Ongeveer 84 200 kg goud; •Geldeenhede.

^d29:7 10 000 kikar: Ongeveer 342 000 kg.

^e29:7 18 000 kikar: Ongeveer 615 600 kg.

^f29:7 100 000 kikar: Ongeveer 3 420 000 kg.

*29:8 Eks 35:21,27; 1 Kron 26:21

*29:9 2 Kon 12:4; 1 Kron 28:9; 2 Kor 9:7

^g29:9 die gesaghebbers se: Die •bronteks lui: “hulle”.

*29:10 1 Kon 8:15; Luk 1:68

*29:11 Deut 10:14; 2 Kron 20:6; Op 5:12-13

die sterkte, die luister,
 die roem en die majesteit —
 ja, alles in die hemel en op die aarde.
 Aan U, HERE behoort die koningskap,
 en U is as hoof verhewe bo alles.
¹² *Rykdom en eer kom van U,
 en U regeer oor alles.
 In u hand is krag en sterkte,
 en dit is in u hand om enigiemand groot en sterk te maak.
¹³ *Daarom, ons God, loof ons U
 en prys ons u luisterryke Naam.
¹⁴ *Want wie is ek, en wie is my volk,
 dat ons in staat is om vrywillige gawes
 soos hierdie te gee?
 Ja, van U kom alles,
 en uit u hand het ons dit aan U gegee.
¹⁵ *Want vreemdelinge^h is ons voor U,
 en bywoners,ⁱ soos al ons voorouers.
 Soos 'n skaduwee is ons dae op die aarde,
 en daar is geen sekerheid nie.
¹⁶ HERE ons God,

*29:12 2 Kron 1:12; 20:6; Wys 6:3; Rom 11:36

*29:13 Neh 9:5; Ps 7:18

*29:14 1 Kron 17:16; 2 Kron 2:6; Ps 8:5

*29:15 Lev 25:23; Job 14:2,10-12; Wys 2:5; 5:9; Heb 11:13

^h29:15 **vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

ⁱ29:15 **bywoners:** 'n Persoon wat nie 'n burger van die land is nie, maar as ondergeskikte by iemand verblyf het.

al hierdie rykdom wat ons gereedgekry het
om vir U 'n huis vir u heilige Naam te bou,
is uit u hand en behoort alles aan U.

¹⁷ *Ek weet, my God, dat U harte toets
en vreugde vind in opregtheid.

Ek, met opregtheid van hart

het ek dit alles vrywillig gegee.

En nou het ek met vreugde gesien

hoe u volk wat hier teenwoordig is, vrywillig vir U gee.

¹⁸ *HERE, God van ons voorvaders

Abraham, Isak en Israel,

bewaar dit vir ewig as die gesindheid

van die gedagtes in die harte van u volk.

Rig hulle harte op U,

¹⁹ en gee aan my seun Salomo 'n onverdeelde hart

om u gebooie, u bepalings en vaste voorskrifte,

na te kom en dit alles uit te voer,

en om die vesting te bou

waarvoor ek voorbereidings getref het.”

²⁰ *Toe het Dawid vir die hele geloofsgemeenskap gesê: “Prys dan die
HERE julle God!” Daarop het die hele geloofsgemeenskap die HERE, die
God van hulle voorouers, geprys. Hulle het gekniel en in eerbied gebuig
voor die HERE en die koning.

*29:17 1 Sam 16:7; 1 Kron 28:9; Ps 7:10; Spr 17:3; Jer 17:10

*29:18-19 1 Kon 8:61; 1 Kron 22:5; 28:9

*29:20 1 Kron 16:36; 2 Kron 7:3

Bevestiging van Salomo se koningskap

²¹ *Die volgende dag het hulle vir die HERE offers geslag en brandoffers vir die HERE gebring: 'n duisend bulle, 'n duisend ramme, 'n duisend lammers, met die bypassende •drankoffers, en met maaltydoffers in oorvloed vir die hele Israel. ²² *Op daardie dag het hulle met groot vreugde voor die HERE geëet en gedrink.

Hulle het Salomo, die seun van Dawid, 'n tweede keer as koning ingehuldig. Hulle het hom vir die HERE as leier^j gesalf, en Sadok as priester. ²³ *Salomo het op die troon van die HERE gaan sit as koning in die plek van sy pa Dawid. Hy was suksesvol, en die hele Israel was aan hom gehoorsaam. ²⁴ Al die leiers en die helde, asook al die seuns van koning Dawid, het hulle aan koning Salomo onderwerp.^k

²⁵ Die HERE het Salomo buitengewone aansien gegee^l in die oë van die hele Israel. Hy het aan hom koninklike majesteit verleen wat geen koning oor Israel voor hom geniet het nie.

Oorsig oor Dawid se regering

²⁶ *Dawid, seun van Isai, was koning oor die hele Israel. ²⁷ Die tydperk wat hy koning was oor Israel, was veertig jaar: In Hebron het hy sewe jaar lank regeer, en in Jerusalem het hy drie-en-dertig jaar lank regeer.

*29:21 1 Kon 8:62-63

*29:22 1 Kon 1:32-40; 1 Kron 23:1

^j29:22 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

*29:23-25 1 Kon 2:12; 3:12-13; 10:7; 2 Kron 1:1,8,12

^k29:24 hulle ... onderwerp: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “hulle het 'n hand onder Salomo gegee”.

^l29:25 aansien gegee: Die bronteks lui: “grootgemaak”.

*29:26-28 2 Sam 5:4-5; 1 Kon 2:10-12; 1 Kron 3:4; Hand 13:36

²⁸ Hy het ná 'n lang lewe^m op 'n rype ouderdom gesterf — met rykdom en aansien. Sy seun Salomo het in sy plek koning geword.

²⁹ *Die vroeëre en latere geskiedenis van koning Dawid, kyk, dit is opgeteken in die Geskiedenis van die siener Samuel, in die Geskiedenis van die profeet Natan* en in die Geskiedenis van die siener Gad,* ³⁰ met 'n weergawe van sy hele koningskap en sy magtige daade; en ook die lotgevalle wat hom en Israel en al die koninkryke van die aarde oorgekom het.

^m**29:28 ná ... lewe:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “versadig met lewensjare”.

***29:29** 1 Sam 9:9; 22:5; 2 Sam 7:2; 12:1

***29:29 profeet Natan:** 2 Sam 7:2-17; 12:1-15

***29:29 siener Gad:** 1 Sam 22:5; 2 Sam 24:11,18-19; 2 Kron 29:25